

# Matieland

1:76







# Mev. Clark belê nie by ons omdat ons die beste rentekoerse betaal nie.



"My bestuurder noem my Sara."

"Almal sê hulle betaal die beste rentekoerse. Maar hulle betaal almal dieselfde. Dit word deur die wet voorgeskryf.

Waarna moet 'n mens dan soek voordat jy belê? Ek sal jou sê waarna. Deskundige raad, vriendelikheid, en jy moet behandel word asof jy 'n groot kokkedoor is.

My bankbestuurder is nie net 'n deskundige nie, hy is 'n hulpvaardige deskundige. Een wat my Sara noem."

**10,5%** NETO   **10%** NETO   **9,5%** NETO

Vir 60-maande-beleggings in  
Deelnemingsverbande in  
Die Trust Bankgroep (rente  
kwartaaliks vooruit).

Vir twee jaar.

12 maande en langer.

**8,75%** NETO   **8%** NETO

Ses maande en langer.

Spesiale  
Sparrekenings.

Daar is spesiale rentekoerse van toepassing op bedrae van meer as R250 000.

**DIE  
TRUST  
BANK**

Gereg. Algemene Bank

Banke sal nooit weer dieselfde wees nie.





NOMMER EEN  
JAARGANG TWINTIG  
APRIL 1976

# Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS  
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH  
DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING  
ONDER REDAKSIE VAN RONNIE BELCHER

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus

**blad sy drie**

Groot Koorreunie aan einde van die jaar!

**blad sy twintig**

1975 — 'n geseënde jaar

**blad sy vier**

Film oor Universiteit vrygestel

**blad sy twee-en-twintig**

Konvokasievergadering weer 'n treffer!

**blad sy nege**

P.W. Botha, D.Mil. honoris causa

**blad sy vier-en-twintig**

Lekker verjaar, Monica!

**blad sy tien**

Vier groot manne in Taaljaar vereer

**blad sy ses-en-twintig**

Die "Stellenbosch Brass Band" gaan herleef

**blad sy veertien**

Agt Oud-Maties in nuwe Kabinet

**blad sy nege-en-twintig**

Oom Pietie le Roux se skenking

**blad sy vyftien**

Nuwe aanstellings by U.S.

**blad sy dertig**

Departement Ekstraktiewe Metallurgiese Ingenieurswese vir U.S.

**blad sy sewentien**

Jong Matie sterf by grens

**blad sy drie-en-dertig**

Dawid de Villiers word voorsitter van Sasol

**blad sy agtien**

In Memoriam

**blad sy vier-en-dertig**

Chris Heunis in U.S.-Raad

**blad sy agtien**

Van ons donateurs

**blad sy ses-en-dertig**

U.S.-Koor na buiteland

**blad sy negentien**

Pragtige steun aan Universiteits-fondse

**blad sy nege-en-dertig**

Jong Matie sterf by grens  
— blad sy drie-en-dertig



## Voorblad:

Beatrix Bosch, die Oud-Matie-kunstenares wat hier en in die buiteland bekend is vir haar skeppinge met leer, het 'n reuse-muurpaneel aan die Universiteit geskenk. Op die foto, wat deur Johan Stander geneem is, staan die kunstenares by die muurpaneel wat in die voorportaal van die Langenhoven-studentesentrum aangebring is.

## Agterblad:

Die Victoria amazonica wat onlangs op Stellenbosch geblom het. Die lelie blom net eenkeer in sy leeftyd.  
**Foto:** Johan Stander.

Gedruk deur  
Trio-Rand Drukkers



# Sonder staal sou jy oral heen moes loop.



## Daar sou geen vervoer gewees het nie.



Staal is die ruggraat van ons toekomstige groei. Daarom benodig Yskor mense soos u wat kan meehelp om aan die land se groeiende behoeftes te voldoen. Bou 'n groter toekoms vir uself. Vind uit wat Yskor kan bied.

Die Korporatiewe bestuurder (Personeel),  
Yskor  
Posbus 450, Pretoria, 0001.  
Stuur asseblief vir my verdere besonderhede oor loopbaangeleentheid by Yskor.

Naam: .....

Adres: .....

**YSKOR** 

Die wêreld het staal nodig. Staal het jou nodig

Odes Marais 1038/A



# REDAKSIONEEL

Die jaar is reeds in volle gang en Stellenbosch se studente is diep ingegrawe in hulle studies. Vir die nuwelinge lê daar 'n avontuur voor, maar ook 'n uitdaging. Want dis hier dat hulle tot volwassenheid groei en toegerus word om die uitdaging van die toekoms te aanvaar.

Ons studente is daarvoor bekend dat hulle verantwoordelike mense is. Daar is baie verantwoordelike: teenoor hulleself, teenoor hulle ouers, teenoor hulle universiteit en teenoor die Staat.

Hulle is hier nie slegs om te deel in die vreugde van studentwees nie, maar omdat hulle besef dat in ons land en in die tyd waarin ons leef, paraatheid op elke gebied noodsaaklik is. As studente van Stellenbosch het hulle een belangrike prioriteit: om voorberei te word om op baie terreine van nasionale belang 'n besondere bydrae te lewer. Die feit dat hulle besluit het om hulle aan 'n universiteit in die een of ander rigting te bekwaam, bewys dat hulle hulle roeping raakgesien het en vasberade is om die opdrag te aanvaar om hulle deel met toewyding en geesdrif uit te voer.

Ons studente is paraat. Daar sterf studente—Maties—aan ons grense om ons land se veiligheid te beskerm. En op Stellenbosch is hulle in hulle studies ingegrawe om hulleself ook geestelik paraat te maak.

Daarom is elke studiejaar 'n belangrike stap vorentoe. En daarom kan ons studente elke jaar terugkyk en sê: dit was goed om te deel in wat die Universiteit ons bied. En so kan die Universiteit ook dankbaar terugkyk op 'n baie geseënde 1975. Daar is op verskeie gebiede pragtig gepresteer—deur studente, personeel en oud-studente. Op Stellenbosch self het belangrike uitbreidings en ontwikkelinge gekom en is belangrike deurbrake in diens van die gemeenskap gemaak.

Die Universiteit is dankbaar dat dit vir hom moontlik gemaak is om die hoë standaard wat vir navorsing en opleiding gestel is te handhaaf en in die behoefte aan noodsaaklike uitbreidings te voorsien. Benewens die subsidie wat volgens 'n vaste formule van die Staat ontvang is, het Stellenbosch se oud-studente, ouers van studente, personeellede, individue en sakeondernemings 'n besondere poging aangewend om die tekorte uit te wis, en het die Ontwikkelingsfonds die bedrag van R212 978 en die Eeufeesfonds die bedrag van R308 590 ontvang!

Sonder hierdie welwillendheid sou dit vir die Universiteit onmoontlik gewees het om sy finansiële verpligtinge teenoor sy studente na te kom. So kon die Universiteit verlede jaar die tekort van R510 223 t.o.v. onderriggelde alleen aan vul (gemiddeld R53 per student nadat sy klasgeld en die Staatsubsidie afgetrek is), 'n tekort van R27 per student t.o.v. koshuislosies vir 4 335 studente bybring en beurse en lenings ter waarde van R4 310 910 aan 6 235 studente toestaan.

Daarbenewens kon die Universiteit—om tred te hou met sy toenemende studentetal—voorsiening maak vir noodsaaklike uitbreidings en nuwe fasiliteite.

Dit is vir die Universiteit 'n saak van die hart om u, getroue ondersteuners, te bedank dat u ons in staat stel om deel te hê in die paraatheid van ons jeug en van ons land.

# FOKUS



'n Meisie wat as kind gek was na gimnastiek en wie se ouers en broers almal tennisspelers van formaat is, is die jongste atletieksensasie van die Maties. Sy is die aanvallige Aneen de Jager.

Aneen—haar vader, mnr Danie de Jager is 'n Oud-Matie—het in Februarie twee Suid-Afrikaanse rekords aan skerwe gehardloop. En dié prestasies het sy binne die bestek van vyf dae reggekry. Op 21 Februarie het sy 'n nuwe S.A. rekord in die 1 000 meter opgestel. Haar visier was toe daarna op die 800 meternommer ingestel en die daaropvolgende Woensdagaand is die kans haar gebied op Coetzenburg tydens die Sanlam-Uurbyeenkoms.

Die blonde beskeie Matienooi sê self "dit was my grootste oomblik." Toe die skoot klap en Aneen soos 'n Karoo-windmeul op loop sit, het die reuse skare van bykans 12 000 mense sommer gewéét hier kom 'n groot ding! En dit was ook so. Aangemoedig deur die gejuig van medestudente en ander wat die Eerste Minister en Kanselier van die U.S., dr B. J. Vorster ingesluit het, het sy die rekord met 2,2 sekondes verbeter en 'n tyd van 2 minute 2,8 sek. daargestel.

Aneen, wat hoop om vanjaar die graad B.Sc. met hoofvakke Botanie en Geografie te verwerf, het in standerd 7 op skool aan lang afstande begin deelneem. Op skool het sy reeds die W.P. en O.P. juniorspanne gehaal en as eerstejaar die W.P. seniorspan. Sy is van plan om nog drie jaar aan atletiek deel te neem.

Haar grootste ideaal is natuurlik die verwerwing van die Groen en Goud. Haar kans hiervoor is baie stewig want die Britse Opebyeenkoms lê voor en Suid-Afrika is nog altyd genooi om sy athlete daarheen te stuur.

Sy oefen ook om die eerste Suid-Afrikaanse vrou te word wat die 800 meter in onder twee minute aflê.

Ons weet sy gaan—dis bloot 'n kwessie van tyd.



# 1975— 'n geseënde jaar

deur

J. N. de Villiers, Rektor



Prof. J. N. de Villiers.

Met dankbare erkentlikheid teenoor ons Hemelse Vader kan ons getuig dat die afgelope jaar—1975—vir die Universiteit van Stellenbosch nogmaals 'n geseënde jaar was.

Ek gee graag 'n oorsig daarvan, en sal so ver as moontlik syfers en persentasies tot 'n minimum beperk wanneer die statistiek van 1975 met dié van 1974 vergelyk word. Dit sal hopelik 'n duidelike en oorsigtelike beeld van die vordering gee.

## STUDENTEGROEI

Die getal heelydse studente het van 9 284 in 1974 met 458 toegeneem tot 9 742 in 1975—'n toename van 4,9%.

Die fakulteite wat in absolute getalle die meeste groei getoon het en dus die meeste tot die totale groei bygedra het, was:

- Opvoedkunde met 'n groei van 121 tot 854;
- Geneeskunde met 'n groei van 99 tot 1 113;
- Lettere en Wysbegeerte met 'n groei van 75 tot 2 986;
- Natuurwetenskappe met 'n groei van 69 tot 957;
- Tandheelkunde met 'n groei van 50 tot 200.

Uit die totaal van 9 742 studente in 1975 het 7 619 (78,2%) voorgraadse kursusse gevolg, terwyl 1 989 (20,4%) nagraads gestudeer het. Van die voorgraadse studente het 399 diploma- en sertifikaatkursusse gevolg en die res, t.w. 7 220 (94,8%) was ingeskryf vir eerste baccalaureusgrade.

Die 1 989 nagraadse studente was soos volg verdeel:

Nagraadse baccalaureusgrade	.....	.....	362 (18,2%)
Honneursgrade	.....	.....	358 (18,0%)
Magistergrade	.....	.....	629 (31,6%)
Doktorsgrade	.....	.....	291 (14,6%)
Diplomas en Sertifikate	.....	.....	349 (17,6%)

Van die totale studentetal was 6 457 mans en 3 285 dames, d.w.s. 'n verhouding van 2:1.

## DOSENTE

Die doseerposte moes begrypklikerwys ook vermeerder word, maar ten gevolge van die ongunstige finansiële omstandighede kon die doseerposte nie pro rata met verhoogde studentetalle vermeerder word nie.

Gevolgtik het die verhouding van 1 doseerpos vir elke 14,7 studente in 1974 effens ongunstiger geword, t.w. 1 doseerpos vir elke 14,9 studente in 1975. Aan die einde van 1975 het die Universiteit 8 heelydse dekane, 155 professore, 13 medeprofessore, 246 senior lektore, 192 lektore en 40 junior lektore in diens gehad, 'n totaal van 654 dosente teenoor 632 in 1974.

## KEURING VAN STUDENTE

Weens die snelle groei moes die Universiteit die getal nuwe inskrywings in sekere departemente in 1974 en 1975 beperk en dus keuring toepas. Dit was egter beklemtoon dat, sodra die nodige fasiliteite en dosente beskikbaar gestel kon word, die hele aangeleentheid van beperking van getalle en keuring in daardie departemente in herooringing geneem sou word.

Die ondervinding die afgelope twee jaar het geleer dat beperking en keuring aansienlike probleme oplewer, veral as die vakke waarin getalle beperk word terselfdertyd vereiste vakke vir bepaalde studierigtings is, soos bv. Sielkunde vir Maatskaplike Werk en Bedryfseconomie vir Landboubestuur. Daarby het dit geblyk dat die beperking en keuring nie in al die vakke 'n merkbare verbetering in die studente se prestasies meegebring het nie. Daarom is besluit om die beperking en keuring met ingang 1976 te staak. Dit sal egter beteken dat, indien daar in die betrokke vakke vanjaar 'n besonder groot styging in getalle voorkom, addisionele voorsiening ten opsigte van personeel en akkommodasie gemaak sal moet word.

## HERKOMS VAN STUDENTE

Soos te verwagte het die grootste gedeelte van ons studente, nl. 78% (7 603) uit Kaapland gekom, en uit die Transvaal 10,2% (995), uit Suidwes-Afrika 4,6% (449), uit die Vrystaat 3,76% (366) en uit Natal 2,6% (253). Uit Rhodesië het 40 gekom, uit die omliggende tuislande 17, van buite Afrika 15 en 4 uit die res van Afrika. Totaal: 9 742.

## HUISVESTING

In 1975 is ons heelydse studente soos volg gehuisves:

	Mans	Dames	Totaal
22 Universiteitskoshuise	2 076	2 259	4 335
Privaatkoshuise	402	220	622
Ouerhuise	533	171	704
Losies in private wonings	1 857	327	2 184
Losies in eie wonings	995	229	1 224
Ander verblyf (meesal deelydse studente)			673
			<hr/> 9 742

In 1975 is die nuwe koshuis Nemesia vir dames (193) op Stellenbosch betrek en Hippokrates vir mans (260) in Parowvallei aan die begin van hierdie jaar.



## AKADEMIES

### Diplomas en Grade

In 1975 is 2 377 grade en diplomas teenoor die 2 095 van 1974 toegeken.

### NUWE KURSUSSE

Kursusse ter verkryging van 'n Nagraadse Diploma in Museumkunde, 'n Gevorderde Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie en 'n Diploma in Beroepsgeneeskunde is in 1975 ingestel.

In 1977 sal kursusse vir 'n Diploma in Gemeenskapsgesondheid en 'n Diploma in Verpleegadministrasie, asook nagraadse kursusse in die Joernalistiek aan die Universiteit gevolg kan word.

### SEMESTERKURSUSSE

Ná 'n deeglike ondersoek wat etlike jare geduur het, het die Universiteit hom in beginsel ten gunste van 'n stelsel van semesterkursusse uitgespreek. Dit staan elke fakulteit egter vry om te besluit in welke mate hy semesterkursusse wil implementeer. Vanaf 1977 sal 'n jaarprogram opgestel word wat vir die implementering van semesterkursusse voorsiening maak. Dit kom basies daarop neer dat die akademiese jaar in twee gelyke semesters van 14 klasweke elk verdeel word, elk met 'n klasvrye tydperk van twee weke aan die end wat benut kan word vir semestereksamens of klastoetse in die geval van departemente wat die jaarstelsel behou.

### NAVORSING

Die Universiteit se navorsingsaktiwiteite is gedurende 1975 op 'n hoë vlak gehandhaaf en het weliswaar 'n aansienlike toename in omvang getoon. Twaalf navorsingseenhede, -groepe en -buro's het op 'n vaste grondslag gefunksioneer, terwyl ongeveer 1 300 navorsingsprojekte op korttermynbasis aan die Universiteit geregistreer was. Die Raad het nietemin besluit om die navorsingsaktiwiteite van die Universiteit verder uit te bou en het met die oog hierop 'n bedrag van R100 000 bewillig vir die stigting van volwaardige en selfstandige nuwe navorsingsinstitute. Die volgende vier institute het reeds onder hierdie skema tot stand gekom:

### Die Navorsingsinstituut vir Kartografie

Die Instituut sal navorsingsprojekte onderneem waarvan die resultate en gevolgtrekkings op kartografiese analise berus en sal 'n wye reeks kartografiese dienste aan departemente en institute binne die Universiteit asook aan private en openbare instansies lewer.

### Die Instituut vir Taalonderrig

Die hoofdoelstelling van die Instituut sal wees die bevordering van die taalonderrig in Suid-Afrika op 'n breë terrein en die lewering van adviserende dienste in verband met vertaalwerk.

### Die Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese

Die Instituut sal hom hoofsaaklik toespits op die stimulering, aanmoediging en ondersteuning van entrepreneurskap en die stigting van nuwe ondernemings in Suid-Afrika asook die ontwikkeling en aanbieding van opleidingsprogramme om bestuursvernuw en tegniese kennis vir die doeltreffende bestuur van ondernemings te bevorder.

### Die Instituut vir Struktuuringenieurswese

Die Instituut sal 'n wye reeks navorsingsprojekte op die gebied van struktuuringenieurswese onderneem wat deur die Staat, die nywerheid en die Universiteit geborg sal word. Daarbenewens sal dit onder meer dien as 'n sentrum vir programmatuur wat programme ontwikkel, aanskaf, omskakel, uitbrei, onderhou en teen vergoeding aan kliënte beskikbaar stel.

Die werksaamhede in die institute sal ook daarop toegespits wees om die onderrig op hulle betrokke gebiede te stimuleer en uit te bou.

Om tred te hou met navorsingsontwikkeling en nuwe navorsingsmetodes is dit ook die Raad se beleid om sy kapitaaltoerusting vir navorsingsdoeleindes voortdurend aan te vul en te moderniseer. So byvoorbeeld het die Raad gedurende 1975 'n bedrag van ±R200 000 goedgekeur vir die aankoop van 'n Gaschromatograaf-Massaspektrometer-Rekenaarkoppeling. Fondse vir hierdie doel is bewillig deur die Raad, die Departement van Bosbou en die W.N.N.R. Die toerusting sal 'n wye funksie in Wes-Kaapland vervul en sal onder meer aangewend word vir gevorderde navorsing in die wynbou, die



'n Klompie studente kyk na eksamenuitslae. Verlede jaar was daar 9 742 studente aan die Universiteit, en 2 377 grade en diplomas is toegeken.



vrugte- en voedseltechnologie, die geurstofnywerheid in die algemeen en insekbestryding.

Benewens bogenoemde fondse was daar gedurende 1975 ongeveer R661 901 (teenoor R512 488 in 1974) beskikbaar vir algemene navorsing aan die Universiteit. Die Universiteit is wat hierdie fondse betref groot dank verskuldig aan die W.N.N.R., M.N.R., R.G.N. en verskeie industriële en ander instansies vir hulle voorgesette ondersteuning.

#### **FINANSIËLE ASPEKTE**

##### **Gemiddelde koste per student**

Die Universiteit het in 1975 'n bedrag van R20 296 260 aan sy studente bestee, teenoor R16 174 347 in 1974, d.w.s. gemiddeld R2 115 per student teenoor R1 733 in 1974. Die fondse is verkry uit 'n staatsubsidie van R1 718 per student, studentegeld van gemiddeld R344, en R53 per student deur die Universiteitsraad uit eie fondse aangevul. Die totale bydrae van die Raad was R510 223.

##### **Uitgawes t.o.v. koshuise**

Totale koshuisuitgawes t.o.v. die Universiteit se 4 335 koshuisstudente het in 1975 R2 440 039 beloop teenoor die R1 903 848 vir die 4 139 koshuisgangers van 1974. Die gemiddelde uitgawe vir die huisvesting van studente het dus van R460 per koshuisstudent in 1974 tot R566 per koshuisstudent in 1975 toegeneem. In 1974 was losiesgelde gemiddeld R436 per koshuisstudent teenoor die R539 van 1975, terwyl in 1975 'n bedrag van R27 per koshuisstudent uit ander bronne gevind moes word om die koshuisbegroting te laat klop.

##### **Beurse en Lenings**

In 1974 is beurse en lenings aan 5 330 studente en in 1975 aan 6 235 studente toegestaan. Die bedrag van R3 120 747 vir 1974 het in 1975 tot R4 310 910 gestyg. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie bedrag van R4,3 miljoen wat t.o.v. beurse en lenings uitbetaal is, meer is as die totale bedrag van R3,05 miljoen wat die studente aan klasgeld betaal het.

##### **Nuwe subsidieformule**

'n Nuwe formule, wat voortspruit uit die verslag van die Van Wyk de Vries-Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese, is in 1975 deur die Staat gebruik vir die bepaling van die bedrag waarmee die Universiteit se lopende uitgawes gesubsidieer word. 'n Kenmerk van die nuwe formule is sy aanpasbaarheid om voorsiening te maak vir veranderinge in die kostepeil van salarisse, toerusting, boeke, tydskrifte ens., terwyl dit ook 'n beter bedeling vir navorsing meebring.

Die formule maak voorsiening dat by die tel van studente vir subsidiedoeleindes, nagraadse studente hoër gesubsidieer word as voorgraadse studente. Maksimum tydperke waarvoor studente vir subsidiedoeleindes kwalifiseer, word ook vir die verskillende kursusse neergelê. Dit beteken dat 'n student wat langer as 5 jaar vir 'n driejarige B.A.-graad neem, nie meer vir subsidie kwalifiseer in sy sesde jaar van studie nie en die Universiteit dus verplig word om in so 'n geval 'n hoër klasgeld vir hom te hef.

##### **Betaling van Onderrig- en Losiesgelde**

Onderrig- en losiesgelde was tot dusver in twee paaielemente redelik laat in die eerste en tweede semester betaalbaar. Dit het meegebring dat die Universiteit honderdduisende rand aan salarisse, voedselaankope, water, elektrisiteit, ens. vir etlike maande uit voorskotte moes finansier alvorens enige inkomste t.o.v. onderrig- en losiesgelde ontvang was. In die lig hiervan het die Universiteitsraad gedurende 1975 besluit dat onderrig- en losiesgelde met ingang 1976 op 'n vroeër datum betaalbaar sal wees.

##### **KAPITALE PROJEKTE**

Verskillende kapitale projekte is gedurende 1975 voltooi en intussen in gebruik geneem. Met verskillende ander is ten spyte van voortdurende styging in koste goeie vordering gemaak, terwyl terselfdertyd met enkele nuwes begin kon word.

Die Langenhoven-studentesentrum is vroeg in die tweede helfte van 1975 voltooi teen 'n koste van net meer as R2-miljoen. Vóór voltooiing was daar reeds 'n waglys van besprekings en uit die groot aanvraag daarvoor is dit duidelik dat die Sentrum, wat deur die studente met die erenaam Neelsie gedoop is, in 'n baie groot behoefte voorsien.

Vroeër in die jaar is die eerste fase van 'n nuwe werkwinkelkompleks voltooi en kon die Universiteit se Onderhoudsafdeling hervestig word nadat hulle geboue in 1973 deur brand verwoes was.

'n Aansienlike uitbreiding van sportvelde is gemaak deur die aanlê van elf netbal- en agt hokkievelde op Welgevallen. Hierdie projek het ook vergroting van die dam en besproeiingstelsel ingesluit sodat voldoende water vir beide landbouproewe en sportvelde voorsien kan word.

Herontwikkeling van die bestaande D.F. Malan-gebou (vroeër gebruik vir Anatomie en Fisiologie) is in 'n gevorderde stadium en die nuwe departemente Biochemie en Mens- en Dierfisiologie kon dit reeds in 1975 betrek.

Werk aan die nuwe Konservatorium vir Musiek het in September 1975 begin en vorder goed. Hierdie moderne musiekfasiliteite is beplan om vroeg in 1978 voltooi te wees.

In September 1975 is ook begin met die oprigting van die nuwe gebou vir Handel en Administrasie wat vroeg in 1977 voltooi moet word.

'n Skenking van wyle mnr Peter Barlow het dit moontlik gemaak om 'n nuwe Viktoriaanse styl veranda by die ou Coetzenburg-plaashuis te laat aanbring.

Beplanningsondersoeke i.v.m. die Durbanville-satellietkampus is reeds aan die gang. By voornemende studente en by Universiteitspersoneel is daar aansienlike belangstelling vir die ontwikkeling van die kampus. Dit sal egter nog 'n geruime tyd duur voordat begin kan word met beplanning en oprigting van kapitale projekte.



Die gerestoureerde ingang tot die Coetzenburg-opstal.





Dr Danie Craven, voorsitter van die S.A. Rugbyraad, oorhandig die Groot Uitdaagbeker aan die Matiekaptain, Dawie Snyman.

### SPORT EN ONTSPANNING

Dr Danie Craven is op 1 Januarie vanjaar aangestel in die nuwe pos van Direkteur van Sport en Ontspanning.

Die Universiteit het weer eens 'n baie suksesvolle sportjaar gehad en die verskillende klubs word hartlik gelukgewens met die besondere prestasies wat hulle behaal het.

Die lys van prestasies is so lank dat ons net enkele soos die volgende kan noem:

**Tennis**—Beide die mans- en damespanne eindig eerste en tweede in die W.P.-liga en die eerste spanne wen ook die S.A. Universiteitstoernooi (die dames vir die 12de agtereenvolgende jaar).

**Rugby**—Die eerste span wen die W.P.-Groot Uitdaagbeker asook die nasionale klubtoernooi. Die klub lewer 12 W.P.-spelers.

**Atletiek**—Die Suzman-skill (W.P.), asook die W.P.-veldlooptliga, word gewen. Daarbenewens het die dames ook die Roger Dyason-skill tydens die Dalrymplebyeenkoms verower. Drie Springbokke is gelewer.


**Dameshokkie**—Die eerstespan wen die W.P.- eerste liga en lewer een Springbok.

**Netbal**—Die eerstespan wen die Boland- eerste liga vir die agste agtereenvolgende jaar. Twee Springbokke word gelewer.


Die **Karate-** en **Gholffklub** het ook elk 'n Springbok bygedra.



Bo: Mnr Wium Mostert, afrigter van die Maties, saam met Danie Malan en Aneen de Jager pas nadat dié atlete tydens die Sanlam-Uurbyeenkoms (25.2.76) op Coetzenburg Suid-Afrikaanse rekords in onderskeidelik die 1 500 meter (3:36,8) en 800 meter (2:02,8) opgestel het. Danie Malan is nou die houër van vyf S.A.-rekords, naamlik die 880 tree, 1 000 meter, 1 500 meter, 2 000 meter en 1 myl, terwyl Aneen de Jager die houdster is van twee S.A.-rekords, naamlik die 800 meter en 1 000 meter.



Regs: Alta Wessels (boonste foto) en Sigrid Walters, die twee Matienooiens wat verlede jaar Springbokkleure in atletiek verwerf het.



Onderaan die bladsy is vier ander Matie-Springbokke van 1975. Hulle is Arlene Coates (hokkie), Dirkie Badenhorst en Rykie Peroldt (netbal) en Peter Todt (gholf). 'n Foto van Bakkies Laubscher (karate) was nie beskikbaar nie.





## DIE BURO VIR STUDENTEVOORLIGTING

Die Buro vir Studentevoorligting funksioneer as een van die belangrike akademiese hulpdienste van die universiteit. Nagenoeg 5 500 onderhoude is oor die afgelope jaar met studente in hulle verskillende studiejare, ouers van studente en ook voornemende studente gevoer. Hierdie onderhoude het gewissel van navrae m.b.t. vakkeuses, kursuskeuse en beroepskeuses tot akademiese voorligting en diepgaande persoonlikheidsvoorligting.

Voorts word kursusse in leesverbeteringstegnieke en effektiewe studiemetodes twee keer per jaar deur die voorligtingspersoneel aangebied. Gedurende 1975 het nagenoeg 400 studente hierdie kursusse gevolg.

## DIE STUDENTEGESONDHEIDSDIENS

Die inslag wat die Studentegesondheidsdiens met sy daargestelling in 1974 by studente gevind het, het in 1975 toegeneem, soos getuig deur die feit dat 31% van die studentetal op Stellenbosch verlede jaar van die diens gebruik gemaak het (teenoor 23% die vorige jaar).

Die ongevallediens het veral met betrekking tot sportblessings groot byval gevind. Daar is 1 025 sportongevalle in 1975 behandel, terwyl die algemene werksaamhede met 7,8% toegeneem het (van 1 894 konsultasies in 1974 tot 2 536 in 1975). Dit was gevolglik nodig om 'n tweede mediese beampte aan te stel.

Daar was 'n groot verbetering in die hantering van pasiënte met sielkundige probleme. Met die medewerking van konsultante van die departement Sielkunde en die departement Psigiatrie kon die pasiënte op vier middae in die week gesprekbehandeling ontvang.

## DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEK

Vir die Universiteitsbiblioteek was 1975 weer eens 'n jaar van bestendige groei. Die totale aantal bande in besit van die Biblioteek het met 4,8% gegroei tot 497 244 terwyl die aantal tydskrifte wat deur die Biblioteek ontvang word, met 6,1% gestyg het tot 7 158 titels.

Die syfers vir sirkulasie en dienslewering, d.w.s. die aantal items wat aan gebruikers beskikbaar gestel en uitgeleen is, toon 'n toename van 19,3% tot 150 042 items. Hierdie toename is 'n duidelike bewys dat die instelling van 20 by-

komende ure van volle dienslewering in die Carnegie-biblioteek, waarmee proefnemings in 1974 geneem is, ten volle geregverdig was. Die aantal geregistreerde gebruikers van die Biblioteek het met 15,5% tot 7 245 gestyg.

Teen die einde van die jaar is die indrukwekkende N.P. van Wyk Louw-versameling manuskripte, kladboeke, briewe en ander dokumente amptelik deur die Universiteit in ontvangs geneem.

## DIE REKENSENTRUM

'n Groot hoogtepunt was die ingebruikname van 'n nuwe en kragtiger sentrale rekenaar ter waarde van bykans R1 miljoen, wat na verwagting tot einde 1979 aan 'n groot gedeelte van die Universiteit se wye reeks rekenaarbehoefte t.o.v. opleiding, navorsing en administrasie sal voldoen. Daar was gedurende 1975 ongeveer 1 100 individuele gebruikers van die rekenaar.


## GEMEENSKAPSDIENS

Benewens sy funksies van opleiding en navorsing het die Universiteit ook sekere verpligtinge teenoor die gemeenskap waaruit hy ontstaan het. Een van hierdie verpligtinge is om d.m.v. sy personeel van die versamelde kennis aan die Universiteit aan die gemeenskap bekend te stel. 'n Senaatskomitee in sake Indiensopleiding behartig hierdie funksie en gedurende 1975 is 16 sodanige kursusse aangebied, sommige waarvan spesialiteitskursusse was en andere wat van meer algemene aard was. Drie kursusse wat elkeen ses maande geduur het, is in samewerking met die Kaaplandse Onderwysdepartement vir diensdoenende onderwysers in Biologie, Natuur- en Skeikunde en Wiskunde aangebied.

Die eerste Herfsskool van die Universiteit is in die Aprilvakansie 1975 gehou met die hooftema "Die Nuwe Afrika", 'n geleentheid waarby onder andere ook ons Kanselier, dr B. J. Vorster as spreker opgetree het. Die belangstelling in hierdie eerste aanbieding was so bemoedigend dat besluit is om die Herfsskool 'n jaarlikse instelling te maak.

Daar is nog talle aspekte van ons bedrywighede waarvoor elk 'n hoofstuk geskryf kan word. Ek hoop dat ek met dié kort oorsig die beeld kon oordra van 'n Universiteit wat sy volkstaak breed en diep aanpak, met toewyding . . . en ook 'n mate van sukses.

## Wonderblom gaan oop



Stellenbosch se wonderblom—die *Victoria amazonica*—het vroeër vanjaar duisende toeskouers na die Botaniese Tuin gelok. Mense van omliggende dorpe het behoorlik na parkeerplek naby die tuin gesoek om ook 'n kykie te kan kry op een van die natuur se vlugtige wonders.

Die *Victoria amazonica* blom in sy leeftyd net twee aande ná mekaar. Die eerste aand blom dit wit en die laaste aand rooi. Die blom—sowat 16 cm in deursnee—verskyn ná sononder en verdwyn weer voor sonop onder die water. Die volgende aand verkleur dit tot rooi. Met dagbreek verdwyn die blom finaal onder die water, waar dit saad vorm.

Om soveel mense as moontlik die kans te gee om die seldsame blom te sien, is die Botaniese Tuin die hele nag oopgehou en met lanterns verlig.

In die geskiedenis van die tuin het 'n *amazonica* slegs twee keer vantevore daar gebloom. Die eerste keer was in 1934 en die tweede in 1968.

Dr Hans Herre, die vorige kurator van die tuin, het hierdie waterlelie die eerste keer in 1934 gekweek. Dit was in 'n gewone dammetjie, en dr Herre moes elke oggend kookwater in die dammetjie gooi om die watertemperatuur konstant op 38 grade C te hou.

'n Spesiale dam vir die lirie is in 1967 gebou. Die huidige kurator, Wim Tijmens, het die jaar daarop geslaag om nog 'n *amazonica* daar te kweek met saad wat hy van die Universiteit van Cluj in Roemenië ingevoer het. Die sade van die lirie wat vanjaar gebloom het, is van die botaniese tuin Kew in Londen en van Suid-Amerika gekry.

Die enkele blom lê tussen groot blare wat soos plat, groen panne op die water lê. Die blare het 'n opgebuigde rant, en is só groot dat 'n opgeskote kind met gemak daarop kan staan.

Die verwagting is dat een van die ander plante in die lirie in die nabye toekoms sal blom.



# Konvokasie- vergadering weer 'n treffer!



Van Intervarsitygees gepraat: Dis Con Hofmeyr, beroemde Intervarsitydirigent van die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare en veteraan van die Stellenbosch-Boerorkes wat hierbo die trompet behoorlik laat séerkry!

Regs bo is dit Liefie Barnardt, mev. Barnardt en Hettie (Klein-Gawie) Cillié wat sing-sing en swaai-swaai vir Oom Pietie-hulle aanmoedig.

Op die foto regs is 'n klompie van die Oud-Maties wat sê hulle kom vanjaar weer "konvokasie hou" op Stellenbosch. Hulle is v.l.n.r. Johan en Dorothy Reyneke, Stevie en Elsabé Dreyer, Carel en Joan Leonhardt en Elfrieda en Ossie Theron.

Die Konvokasie van die Universiteit het op 8 Desember verlede jaar op Stellenbosch vergader—en weer alle vorige suksesse oortref!

Hierdie groot bymeekaarkom van Oud-Maties op Stellenbosch, uit alle dele van die land, laat mens elke keer weer voel—soos een van die ouer garde dit verlede jaar mooi opgesom het—dat "dis lekker om 'n Oud-Matie te is!"

Maar hierdie "lekker" was nie altyd maar net oppervlakkig nie. Daar is saam diep besin oor dinge, daar is gedeel in mekaar se vreugde — en ook hartseer. En daar is ook aan die Universiteit die geleentheid gebied om tersaaklike mededelings aan sy getroue ondersteuners te doen.

Interessante praatjies is gelewer deur die Vise-Rektor, prof. Wynand Mouton (Beplanning en sportfasiliteite vir die toekoms), die Direkteur van Sport en Ontspanning, dr Danie Craven (Die rol van sport en sportprestasies) en die hoofmediese beampte van die Universiteit, dr Jan van Heerden (Die studentegesondheidsdiens se rol in sportgeneeskunde).

Die lékker lekkerte het gekom met die onthaal in die Langenhoven-studentesentrum ná die vergadering. Dáár was dit veral Oom Pietie le Roux voor 'n klompie van sy ou Boerorkes-veterane wat gesorg het vir 'n regte Intervarsitygees!





# Lekker verjaar, Monica!



Mev. Tini Vorster.

## Maar wat, dit was lekker!

deur

Tini Vorster

10

Ek dink dikwels aan Hessie. Sy was die deurbediende in ons Monica-dae en sy had die nodige aanleg en aanvoeling vir dié belangrike werk. Sy kon presies en raak beskryf hoe die baas lyk wat by die voordeur wag: "Ja Miss Joey, dis so 'n kort dikketjie. Miss Anna, dis die predikant-basie met die geel kuif. Miss Audrey, dis die baas wat die kaartjie op die skinkbord stuur."

Hessie se vertolking van die waarheid het van merkwaardige insig in die menslike aard getuig. 'n Gesigsuitdrukking was genoeg om haar te laat verstaan wat sy by die voordeur vir die wagtende besoeker moet gaan sê.

Hessie het ook geweet hoe om die tekens van die tye te vertolk. As daar op 'n Vrydagaand voor Joey Burger (Parrott) se klerekas 'n wit emmer staan—die emmer was deel van elke kamer se ameublement—dan wéét Hessie: Miss Joey sit binne-in die klerekas en sy kan die volstreekte waarheid praat as sy vir die kort dikketjie by die voordeur gaan sê dat Miss Joey nie in haar kamer is nie.

Ons het ons handdoeke op die vloer voor die ry badkamers gegooi en so tougestaan vir 'n badkans in die raastyd.

'n Haarkapster vir dames was daar nie op Stellenbosch in ons tyd nie. Colin Lockley se suster het so eenkant hare gekap en versorg, maar Anna Geldenhuys (V.d. Berg) het vir siksipens Vrydagmiddag hare ingedraai, of liewer met kammetjies geset en 'n bandjie omgebind, en dan het die meisies by die Black-eyed Susan wat oor die stomp gerank het in die son agter die teekamer gaan sit.

Monica se draadloos was in die Common Room. En toe dr Con Boumeester Solness opgevoer het—sowaar toe kom dit oor die radio. En Suzanne van Wyk

Monica, op een na die oudste dameskoshuis op Stellenbosch, is vanjaar vyftig jaar oud. Oud-Monicaners uit alle dele van die land trek die naweek van 14 tot 16 Mei in die koshuis saam om die verjaardag te vier. 'n Omvattende feesprogram is gereël.

Hier onder en op die bladsye wat volg roep 'n klompie beroemde oud-Monicaners—Tini Vorster, Premiersvrou en Stellenbosch se Kanseliersvrou, Audrey Blignault, bekende Afrikaanse skryfster, en (dr) Hendrien Lambrechts, organiserende sekretaresse van die A.C.V.V.—herinneringe uit die "ou dae" op...

en John speel daarin. Die eerste uitsending in sy soort en ons ken dan die mense! 'n Onvergeetlike belewenis.

Geen Monicaner van daardie jare sal die historiese fiasko met die afskeid van ons huismoeder, mej. De Wet, algemeen bekend as ou Fënna, vergeet nie. Ons het almal die aand aangesit by 'n deftige dinee, lekker geëet, toesprake gemaak en na toesprake geluister, en toe elkeen sy eie gang gegaan. En hier teen elfuur begin die meisies siek word. Een na die ander dop om, dodelik naar, inmekaar getrek van pyn. Dr Beck word dringend ontbied. Gelukkig het hy digby somer daar in Neethlingstraat gewoon. Hy kom in sy slaapklere met 'n jas bo-oor. Hy ondersoek die eerste slagoffers. En daar kom steeds nóg by. Almal met dieselfde simptome. Voedselvergiftiging is dr Beck se uitspraak. Hy gaan spuitstof haal en gee inspuitings. Die paar meisies wat om die een of ander rede nie omgedop het nie—ek was een van dié—help skoonmaak en afwas en uitdra. Teen die oggend toe die dag breek, sit ses van ons saam met dr Beck op die kombuistafel en koffie drink.

Daar was in ons tyd net een sitkamer in die koshuis. Dié was so gemeubileer dat daar net twee hoekies was om te sit. Dan was daar twee systoepe, elkeen met een harde bank. Die een aan Wilgenhof se kant was altyd Audrey s'n. Dus was daar eintlik net één vir die res van ons beskikbaar. Daar was toe 'n mosie oor banke onder bome. En toe sê Fënna ja, maar daar moet ligte wees.

Te midde van dit alles was ons gelukkig. Ja, ons het gestry oor die stryktafel en oor warm water wat voor ons uitgebad word. Ons het gekla oor kos, oor nog 'n spieël in die gang, oor wasgoed, oor telefoondiens.

Maar wat, dit was lekker!



# Van die Kiss me Quick tot die Systoep

deur

## AUDREY BLIGNAULT

Was dit 'n meidoring? 'n Mirtebos? 'n Selonsroos? Daardie Kiss Me Quick op die hoek van die wandelpaadjie voor die Harmonie verby na Neethlingstraat? Vir elke Monicaner was dié boom 'n simbool van heimlike verwagting, van opwindende belofte, van bevryding en uiteindelijke vervulling. Nee, natuurlik het niemand ooit dié Kiss Me Quick-gedagtes onder woorde durf bring nie—daarvoor was ons gans te fatsoenlik en ordentlik en darem te veel kinders van ons tyd. Maar die gedagtes was nietemin daar, by ons almal. Vra maar vir die Monicaners van die Kiss Me Quick-tyd: Tini Vorster, Bettie Gericke, Elizabeth Albrecht, Elodie van Zyl, Annie Schumann, Annatjie de Jongh. Nie een van hulle sal die Kiss Me Quick durf ontken nie.

Stap 'n mens saam met 'n kêrel by die Kiss Me Quick verby, maak jy asof jy van niks weet nie. Jy kyk nie eers na die boom nie. Jy praat oor Saterdag se Rugby-wedstryd teen die Ikeys, oor Greta Garbo se spel in *The Lady of the Camalias*, oor Fransie Malherbe wat *Maria Lecina* in die Hollandse klas voorgedra het of oor 'n meat pie by Van der Wes, maar oor daardie betekenisvolle boom wat julle verbygaan, weet jy, dag of nag, niks.

Maar die kennis van die boom, soos die kennis van goed en kwaad in die Paradys, het woordloos versprei. En dan het daar 'n aand gekom, miskien ná 'n wandeling onder die volmaan, miskien ná 'n klavier-uitvoering deur Adolph Hallis, miskien selfs na 'n meat pie by Van der Wes dat 'n kêrel net daar by die Kiss Me Quick gaan staan, 'n mens met 'n skielike, dwingende beweging nadertrek en met 'n oorrompelende sekerheid van aanslag soen.

Elke meisie wat vir die volmaan vatbaar was, het net daar by die Kiss Me Quick haar eerste lentesoen op Stellenbosch gekry. Wie vergeet dit ooit? Eers die sagpraat in die droomgeur van die maankelboom langs die brug oor Eersterivier, dan die inhaak-loop op die kabellemaat van die meulsloot se water, die halfbang stilword langs die heining van mnr Herre se tuin, die vaster vat van mekaar se hande by die indraai in Monica se paadjie, nog 'n entjie, stadiger, stadiger, al stadiger, dan op die hoek voor Monica se ligte, die ontstaan by die soenboom en die uitwissing van tyd en plek in 'n aanraking buite woorde.

Wat 'n mens onthou, is lank nie altyd wat jy sê jy onthou nie. Ek het nog nooit erken hoe bang ek in my eerste jaar was nie. Ek was bang dat een van die seniors my haar kouse sou gee om te stop en ek het glad nie geweet hoe om kouse te stop nie, want my ma het my nooit laat kouse stop nie. Ek was bang dat Annie Loubser, die eerstejaars se sportkaptein, my sou dwing om oor hekkies te spring, en ek het geweet dat ek my sou doodval as ek ooit in my lewe oor hekkies moes spring. Ek was bang ek bry as ek met ons doopkaptein praat en dan lag almal vir my. Ek was doodbang die huismoeder, ou Fënna de Wet, vind uit dat my pa 'n Sap is en dan het ek die Kainsmerk op my en kry ek nooit twee keer poeding nie. Ek was bang ek kry nooit 'n skiet om te gaan dans omdat ek nie mooi genoeg is nie. Ek was bang 'n kêrel soen my wat ek nie graag wil soen nie en 'n kêrel wat ek graag wil soen, soen my dalk nooit.

In my eerste jaar was die twee mooiste meisies Elsie Lombard van Somerset-Oos en Rina de Villiers van die



Audrey Blignault.

Paarl. Elsie Lombard het die bynaam Mollie Lamont gekry. Sy was pragtig, met die voorkoms en postuur van 'n rolprentster en 'n selfvertroue in haar omgang met almal wat ons ander eerstejaars stomgeslaan het. Rina was klein en fyn, met sprekende bruin oë en donker hare. Sommer gou is sy met Gerald Barrie van Wilgenhof gekys.

In die loop van my ses jaar in Monica, was daar baie mooi meisies: Hester Theron van Montpellier, Tulbagh, Annatjie Visser, A. G. Visser se dogter, Ansa Marais, Mariechen van Rhyn, Christine Louw. Stienie Truter het vir een Dagbreek-dans veertien skiete gekry.

Dit verras my nou, ná al die jare, hoe ek die meisies se klere onthou: Annie van Niekerk se wye silwergroen aandrok soos 'n seegolf in die wind, my suster Yvonne se *Breath of Spring* met al die sagte skakerings van die lente in die rye, rye valletjies, Dora Coetzee se vaartbelynde linnerokke wat sy die laaste een self gemaak het, Bettie le Roux se deftige jasse, my pienk voorstelrok met die lang jas bo-oor en die swart sluierhoed—die duurste rok wat ek tot op daardie tydstip in my lewe besit het. By Fletcher and Cartwright gekoop. Op my ma se rekening.

Sekere assosiasies met sekere meisies bly 'n mens by. In enige geval van siekte is Lettie van der Vywer dadelik ingeroep.

Sy het presies geweet wat gedoen moet word en het dit ook dadelik gedoen. As 'n meisie vir Lettie bloedarmoedig of moeg gelyk het, het sy dadelik vir so 'n meisie ekstra melk bestel. Sy het 'n mens laat oefeninge doen op die boonste sybalkon. Ná 'n griepaanval het sy daarop aangedring




dat 'n mens vroeg gaan slaap.

Ria Goosen het 'n swart medisyne-trommeltjie gehad waaruit sy elke moontlike middel van Jamiékagemmer vir maagpyn tot Condy-kristalle vir slangbyt en kwiksilwersalf vir karkatjies te voorskyn kon haal.

Helmenie Roux sou altyd vir 'n mens 'n rok se soom insit. Anna Kok het altyd beskuit in haar kas gehad. Chrissie Griesel sou in die middel van die nag vir 'n mens 'n persoonlike of landsprobleem uitpluis.

Die slimste meisie wat daar na my wete in Monica was, was Emma de Jager wat met ses A's van Boshof se beroemde skool Stellenbosch toe gekom het. Sy het my suster Yvonne gedril om Chemie I deur te kom, sommerso tussen haar eie werk deur. Sy het die mooiste Afrikaans van al die Monicaners gepraat en sy het 'n trapsuutjies as troeteldier in haar kamer aangehou.



Suzanne van Wyk.

Later het sy in die medisyne gaan studeer, met 'n dokter getrou en staan vandag nog in die praktyk op Lambertsbai.

Die kampioen-tennispeelster van daardie jare was in Monica: Mary van Zijl, dogter van regter Hennie van Zijl, Kanselier van die Universiteit. As Mary op Monica se baan tennis speel, staan die betowerde toeskouers bankvas teen die hele lengte van die baan. 'n Ander prestasie wat ek met bewondering ont hou, is dat Mary een aand aan die etetafel sewe snye van Haldenwang se bruin brood opgeëet het. Vandag is Mary Muller as skryfster ver buite die grense van Suid-Afrika bekend.

Suzanne van Wyk, vandag landwyd bekend as toneelkunstenaar, regisseuse en radiopersoonlikheid, het een winter-aand by 'n huisvergadering Hettie Smit se put-brief uit *Sy Kom met die Sekelmaan* voorgedra: "In en deur en tot

hom bestaan alles wat vir my bestaan. Ek haat hom en ek het hom lief soos 'n slaaf sy meester. By hom is ek nederig en gedwee soos 'n lafhartige jibroer. Ons stry nooit meer oor allerhande vraagstukke nie. Ek het nie meer argumente nie. My enigste mening oor watter kwessie ook al, is: sy oë, sy neus, sy dierbare ou ken."

Stil van ontroering het ons trap op na ons kamers gegaan, diep onder die indruk van die opwindende vernuwung wat Hettie Smit in die Afrikaanse prosa gebring het en van Suzanne se groot talent vir voordrag.

Daar was altyd meisies in die koshuis wat goed klavier kon speel. Ek het graag in die eetkamer gaan sit en luister as Marie Marais die Italiaanse konsert van Bach speel. Helmenie Roux het Handel se Allemande in G Mineur gespeel en Beethoven se Maanlig-sonate, en Ulrica Beneke 'n romanse van Schumann en Chopin se Ballade in A mineur wat nou nog by my die beeld van Simonsberg in die laatmiddag wek.

Saans om nege-uur in ons halfuur se raastyd het ons in die eetsaal of teekamer gedans en dan het ons klavierspelers opskud-dansmusiek gespeel: Minnie my Liefing, Dancing Cheek to Cheek, Jeepers creepers, where d' you get those peepers, Jeepers, creepers, where d'you get those eyes? Die meisies wat 'n dansmaat kon stuur, soos Anna van Zijl, Helmenie, Christine en Yvonne het dan in 'n lekker loslit wikkelpas met hul maats die vloer gevat terwyl almal lustig die woorde saamsing.

Ons was almal twee-twee in 'n kamer. Ek en my suster was in kamer 23 op die tweede verdieping, net links van die trappe aan die voorkant van Monica. 'n Heerlike kamer met 'n venster op Simonsberg. Ons het die kamer mooi gemaak met ons eie gordyne, herfsblaarbruin, en 'n tafelkleed om daarby te pas. Ma het vir ons 'n groen blompot gegee waarvoor ons gereeld blomme gekoop het by die *Spider's Web* daar naby De Wet se winkel. As daar geleentheid van Bredasdorp af was, het Ma blomme uit haar eie tuin gestuur. Teen die mure het ons elkeen twee foto's van ons kêrels opgehang. Pragtig afgeneem by Colin Lockley. En op die spieëlkas het ons mooimaakgoed gestaan: Honeysuckle Cream, lentegroen en geurig, Larola, met die windverwaaide meisie op die bottel, Yardley se gesigpoeier, een koraalrooi lippestiffie elk, en—kosbaarste kleinood—'n heel klein plat pers flessie met ons geliefkooide parfuum, *Evening in Paris*.

My suster se vak was huishoudkunde en in daardie kamer 23 het sy verstommende dinge volbring: 'n yslike ottoman-kis oorgetrek, deksel en al,

'n miniatuur-houtkateltjie van matras en beddegoed voorsien, stapels plakboeke met volledige bladwysers gemaak, rokke ontwerp en elegante dinees beplan.

Van my grootste en heerlikste ontdekkings in die letterkunde het ek in kamer 23 beleef. Daar het die poësie van die Latynse taal vir my 'n werklikheid geword toe ek die tweede boek van Vergilius se *Aeneïs* moes vertaal.

Daar het ek die hele gebied van die Nederlandse letterkunde ontgin, 'n ekstatiese opstel geskryf oor Shakespeare se loflied aan die liefde in *Anthony and Cleopatra*, tydlose dae en nagte aan die religieuse poësie en die manjifieke preke van John Donne gewy en in vervoering geraak oor die eerste digbundels van W. E. G. Louw, N. P. van Wyk Louw, Uys Krige en Elisabeth Eybers.

Dikwels het ek by ons werktafel voor die venster gesit en dwarsdeur die nag aan 'n seminaar geskryf. Nou nog sien ek hoe dit lig word oor mnr Herre se tuin en die Konservatorium vir Musiek, hoe die lig stadig oor die slapende dorp sprei en Simonsberg rosig teen die gessigeinder verrys. Op een so 'n oggend by die aanskouing van die eerste lig, het ek my dagboek oopgeslaan en daarin dié reëls van N. P. van Wyk Louw aangeteken:

Jy is nie ver, o Beeld- en Naamlose,

maar rondom ons soos lug, soos dag en nag gehang;

ons is 'n blinde kus waaroor jy skuim.

Jy vul die oë van enkeles met lig en rusteloosheid.

Hettie Odendaal en ek het dikwels saam gewerk so deur die nag. Dan het ons verlof gekry om in die Common Room te sit, en vroegand het ons vir ons Cote d'Or-sjokolade—'n hele paar stukke—gaan koop om ons kragte op te bou.

'n Grote saligheid was dit om iemand te ken wat my hartstog vir die poësie so ten volle gedeel het, iemand wie se asem by presies dieselfde reëls weggeslaan het:

Eternity was in our lips, and eyes,  
Bliss in our brows' bent: none our parts so poor,

But was a race of Heaven.

Later het ek nog só 'n geesverwant in Annie van Niekerk ontdek. Ons twee het weer nagte deur A. Roland Holst gelees, *The Fountain* van Charles Morgan bespreek en ons verkneukel in *Martin Pippin of the Apple Orchard*. Lank en diep het ons ook tussen die lentebloem in Annie se kamer oor hartsprobleme gepraat. Annie het meer van dié probleme as ek gehad en dikwels was dit nodig om helderheid te



soek. Ná 'n naweek tuis op Elsenburg, het Annie teruggekom met sjokoladekoek, ingemaakte koejawels en 'n bottel van haar pa se soetwyn, en gesterk deur dié lafenis, het ons insig in ons probleme altyd aansienlik verhelder.

Vir my, soos vir almal wat saam met my daar was, was Monica die eerste volledige wêreld-in-die-kleine wat ek van naby leer ken het.

Die veelvoudige verskeidenheid van bevolking was daar in die koshuis: die dansers en die nie-dansers, die B.T.-kaners en die lui nie-lopers, die hokkie- en die netbalspelers, die Oxford-groepers en die kerklike randeiers, die debatteerders en die swygsames, die

politekbewustes en die volksverraaiers. Daar was die enkele uitverkorenes wat 'n kêrel in die eerste rugbyspan had, die wêreldwyse ingewydes wat met regstudente uitgegaan het, die tweede stand wat na die landboudanse genooi is—ek was op 'n gelukkige tydstip een van hulle—die voorbeeldiges wat tokkelokke as kêrels gehad het—en dan die enkele waaghalsiges wat die avontuurlike maar onnaspeurbare omgang met die regte rowwe manne geken het.

Pret en plesier het ons in oormaat geken, maar, soos oral op die wêreld, het die lewe en die dood ook in ons koshuis saam geloop. Ek onthou hoe Anna van der Merwe siek geword het, stil onder ons verdwyn en gesterf het.

Ek sien duidelik voor my Tinie Pauw se gesig toe sy die tyding van haar pa se dood op Riversdal gekry het. En Lalie Malan wat skrikwekkend stil haar koffer pak om na haar suster se begrafnis op Darling te gaan.

Daar was dikwels teleurstelling, soms ontnugtering. Maar daar was ook vervulling en verwesenliking. Vir meer as een Monicaner het die eerste lentesoen by die Kiss Me Quick tot die harde bank op die systoep gelei. En daar op die kaal systoep, onbewus van die voetstaple en stemme van studente wat verbygaan en die wind in die hoë bloekomboom, het die grootpad na die lewe oopgegaan.

## ONS NAAM deur Hendrien Lambrechts




Dr Hendrien Lambrechts.

**N**IEMAND het ooit vir ons gesê wie die vrou met die gladde hare en die sagte oë is wat uit die eenvoudige swart raam op ons in Monica se eetkamer neergekyk het nie.

Dit was eers baie jare later toe ek dieselfde portret by die A.C.V.V. se hoofkantoor gesien het, dat ek vasgestel het wie die vrou was en hoe dit gekom het dat haar portret in ons koshuis gehang het.

Daardie portret, wat jare lank deel van ons studentebestaan was, was 'n portret van mev. Elizabeth Roos. Sy was die eggenote van die destydse Saakgelastigde van die N.G. Kerk in Kaapland, maar sy was ook die stigster

van die A.C.V.V. Hoewel sy self kinderloos was, het sy haar steeds sterk beywer vir die opvoeding. In die pastorie op Alexandria waar haar man predikant was voordat hy as Saakgelastigde na Kaapstad verhuis het, het



Mev. Elizabeth Roos, stigster van die A.C.V.V., na wie die koshuis Monica vernoem moes geword het.

mev. Roos kinders uit die distrik gehuisves sodat hulle verder kon leer. Die skoolkoshuis wat in later jare op daardie dorp gebou is, dra dan ook haar naam.

Dit is dus nie te verwonder dat toe die Universiteit van Stellenbosch in sy pogings om fondse te vind, die same-

werking van die A.C.V.V. gesoek het, daar geesdriftige ondersteuning van sy Presidente gekom het nie:

“Wij gaan niet iets ondernemen en ons afslouen voor een zaak die slechts een korte tijd vrucht zal afwerpen, neen, de Universiteit van Stellenbosch zal in lengte van dagen voor ons nageslacht tot in de verre toekomst tot nut en zegen zijn.”

In 1921 het dr W. P. Steenkamp die A.C.V.V. se kongres in Colesberg toegesprek en aangebied om in samewerking met die 100 takke van die A.C.V.V. 'n bedrag van R50 000 teen die einde van daardie jaar byeen te bring. Hyself sou R30 000 kollekteer en die A.C.V.V. moes die res vind. Dit sou beteken dat elk van die A.C.V.V.-takke R200 moes bydra.

Die eerste bydrae het van Kenhardt gekom en die tweede van Worcester.

Die A.C.V.V. kon helaas nie die verwagte R20 000 vind nie, maar het darem meer as R8 000 aan die Universiteit oorhandig. Vir hierdie ondersteuning het die destydse rektor, dr G. G. Cillié, die A.C.V.V. by sy kongres in 1922 spesiaal kom bedank.

Daar is voorgestel dat die nuwe dameskoshuis wat opgerig moes word, na mev. Elizabeth Roos vernoem word uit erkenning vir wat sy en haar vereniging vir die Universiteit gedoen het.

Mev. Roos was egter nie vir hierdie persoonlike verering te vinde nie en só het die nuwe koshuis toe die naam Monica gekry. Maar in Mei 1929 is 'n portret van mev. Roos in die eetkamer van Monica as huldeblyk onthul.



# DIE "STELLENBOSCH BRASS BAND" GAAN WEER HERLEEF!



Die Stellenbosch Brass Band van 1904. Oom Pietie le Roux (94), al oorlewende lid van die groep, staan vierde van links met die trompet in die hand.

Die ou Stellenbosch-Blaasorkes ("Stellenbosch Brass Band") gaan weer herleef!

Dit sal altans die geval wees indien dr Paul Loeb van Zuilenburg van die Konservatorium vir Musiek van die Universiteit daarin slaag om die planne wat hy beoog, deur te voer.

Die Stellenbosch Brass Band is kort ná die wending van die eeu deur prof. Hans Endler gestig. Prof. Endler het in 1903 uit Wene, Oostenryk, na Suid-Afrika gekom en was hoof van die Konservatorium.

'n Baie geslaagde konsert ter stywing van die fondse vir die herlewing van die Stellenbosch-Blaasorkes, is op Dinsdagaand 23 Maart in die stadsaal in die Eikestad gehou. By dié geleentheid het die konsertblaasorkes van die Suid-Afrikaanse Vloot onder leiding van kommandeur Ron Marlow opgetree,

asook die pryswenerskoor van die Laerskool Stellenbosch met Erna Uys as dirigente. 'n Aantreklike lig-klassieke program is aangebied.

Dr Loeb van Zuilenburg sê die Universiteit moet die Blaasorkes weer stig want dit kan 'n belangrike bydrae lewer tot die kultuur- en sosiale lewe op Stellenbosch. "Die orkes sal ook by belangrike funksies wat by die Universiteit of in die dorp plaasvind, kan optree," sê dr Loeb van Zuilenburg.

Die 94-jarige oom Pietie le Roux van Mostertsdrif, eertydse leier van die Stellenbosch-Boerorkes, is so beïndruk deur dr Loeb van Zuilenburg se pogings om weer die Blaasorkes te laat herleef, dat hy as blyk van waardering 'n duisend rand belooft het.

Oom Pietie is na wat verneem word, die enigste oorlewende lid van die ou "Brass Band" wat deur prof. Hans

Endler gestig is. Hy het ook die konsert op 23 Maart as gas bygewoon.

Oom Pietie vertel dat hy nog goed kan onthou hoe die Blaasorkes op die perron van die Stellenbosch-spoorwegstasie—toe nog bekend as Bosmanspos—die dodemars gespeel het toe die stoflike oorskot van president Paul Kruger deur die Eikestad op pad terug na Transvaal was. Hy het dit as 'n "besondere episode" in die geskiedenis van die Blaasorkes bestempel.

Hy het ook in die Blaasorkes gespeel toe die eerste sooi op Papegaaiberg deur wyle prof. Moorrees met die oog op die oprigting van 'n monument vir goewerneur Simon van der Stel omgespit is. Die monument is nooit opgerig nie.

Oom Pietie het sy versameling uit die dae van die Boerorkes aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk.



# OOM PIETIE LE ROUX SE SKENKING

Oom Pietie le Roux, die man wat as stigter en leier van die Stellenbosch-Boerorkes groot bedrae geld ingesamel het vir die oprigting van die Langenhoven-studentesentrum, het sy hele versameling uit die dae van die orkes aan die Universiteit geskenk.

Die versameling bestaan uit waardevolle ou foto's, briewe, koerantuitknipsels en allerlei aandenkings, wat op 'n geskikte plek permanent uitgestal sal word.

Oom Pietie het sy Boerorkes in 1933 gestig. In die bestek van tien jaar het dié orkes die hele land vol getoer, voor nagenoeg 'n kwartmiljoen mense opgetree en bykans R60 000 ingesamel waarvan groot bedrae onder meer ook aan liefdadigheid en onderwysinrigtings geskenk is.

Ná 1957 het Oom Pietie se legendariese orkes net een aand weer opgetree — dit was die aand van 8 Oktober 1966 in die Eufeesjaar van die Universiteit. Sowat 2 000 mense het by daardie geskiedkundige geleentheid in die Eikestad die ou Stellenbosch-Boerorkes sien herleef en Oom Pietie en sy makkers is

staande toegejuig.

Toe die Boerorkes ontbind, het prof. H. B. Thom, gewese Rektor van die Universiteit, gesê: "Dit moet u en al die oud-lede van dié orkes weet: u en u orkes het 'n tere en blywende plekkie verower in die hart van elke Afrikaner wat sy volk en sy land liefhet."

Nou—tien jaar later— het die verblydende nuus van Oom Pietie se skenking bekend geword.


Dit is gepas dat die eie goed van die Stellenbosch-Boerorkes op Stellenbosch bly waar dit hoort. Die bewaring en uitbouing van hierdie deel van ons erfenis is 'n huldeblyk aan Oom Pietie en wyle Tant Hester en al hulle "seuns en dogters" van die Boerorkes.

Daar word 'n beroep gedoen op alle oud-lede van die orkes wat moontlik foto's, besondere aandenkings of enigiets — selfs ou instrumente — in hulle besit het en wat dit by Oom Pietie se versameling wil toevoeg, om van hulle te laat hoor. Skakel asseblief mnr A. J. Esterhuyse, adjunk-direkteur van Ontwikkeling, by Stellenbosch 2222 of 3640.



Oom Pietie le Roux en prof. Bun Booyens van die departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde by 'n deel van die versameling wat Oom Pietie aan die Universiteit geskenk het.





Die fakulteit van Geneeskunde is sedert 1 Maart behulpsaam met geneeskundige dienste in Owambo.

Dit volg op 'n aanbod wat reeds in 1969 deur die Universiteit gemaak is ná 'n versoek deur die Wetgewende Raad van Owambo om hulp met die verdere ontplooiing van geneeskundige dienste.

Prof. J. J. W. van Zyl en prof. P. A. Foster, onderskeidelik hoogleraars in Chirurgie en Narkose, het op 29 Februarie na die gebied vertrek.

Personeellede op die gesamentlike diensstaat van die Universiteit en die Kaaplandse Provinsiale Administrasie sal voortaan mekaar vir korter of langer tydperke in die gebied aflos. Geneeskundige dienste sal vanaf die Oshakati-Hospitaal verder ontwikkel word, en plaaslike leiding op beide kliniese en laboratoriumvlak sal voorsien word.

Die Oshakati-Hospitaal sal direk ingeskakel word as 'n satellietopleidingsinrigting van die fakulteit van Geneeskunde en sal veral op nagraadse en laboratoriumvlak vir opleidingsdienste gebruik word.

Dit word voorsien dat vanaf 1977 alle laboratoriumdienste by Oshakati wat tans deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing beheer word deur die personeel van die fakulteit en die Tygerberg-Hospitaal oorgeneem sal word. Die spesiale laboratorium wat tans vir dié doel in aanbou is, word reeds toegerus volgens die spesifikasies van die fakulteit en sal teen die einde van 1976 in werking wees.

Op die foto verskyn v.l.n.r.: prof. Van Zyl, prof. A. J. Brink, dekaan van die fakulteit van Geneeskunde, dr. F. W. Rabe, Eerste Mediese Superintendent van die Tygerberg-Hospitaal, en prof. Foster.

## MEDIESE HULP AAN OWAMBO



Die lede van die Ciskeise kabinet het onlangs besoek afgelê op Stellenbosch, waar hulle o.m. ingelig is oor die beplanning vir die Ciskei wat deur die departement Stads- en Streekbeplanning gedoen word.

Die groep het bestaan uit die Hoofminister, mnr L. L. Sebe, die minister van Gesondheid en Welsyn, mnr L. F. Siyo, die minister van Binnelandse Sake, mnr R. B. Myataza, die minister van Werke, kaptein H. Z. Njokweni, die minister van Onderwys, kaptein D. M. Jongilanga, die minister van Landbou en Bosbou, kaptein S. P. Siwani, en die minister van Justisie, kaptein L. W. Magoma, en die sekretaris van die betrokke departemente. Op die foto verskyn die kabinetslede saam met die Rektor, prof. J. N. de Villiers (middel), die Vise-Rektor, prof. W. L. Mouton (links) en prof. D. Page van die departement Stads- en Streekbeplanning (tweede van regs).

## CISKEISE KABINET BESOEK UNIVERSITEIT







Prof. G.F.G. Gunter.



Mnr G.C. Crafford.

## Twee staatmakers groet

Die departement Plantkunde het verlede jaar—47 jaar nadat hy as tegniese beampte daar begin werk het—afskeid geneem van mnr G. C. Crafford.

Hy was 'n kollega van elke persoon wat nog ooit aan die departement verbonde was—op een na. Dié persoon was mnr Sydney Garside, wat reeds met die stigting van die departement daar aangestel is.

Die huidige hoof van die departement, prof. Piet Jordaan, praat met groot lof van mnr Crafford, sy veelsydigheid, sy liefde vir sy werk, sy hulpvaardigheid en lojaliteit, en bowenal sy bereidwilligheid om te leer.

Mnr Crafford het baie buitebelange gehad, maar is veral trots daarop dat hy in 'n stadium nou verbonde was aan die Universiteitskoor. So het hy byvoorbeeld vroeër al die Koor se dupliseerwerk gedoen, en dink met aangename herinnerings terug aan wat dit van hom tydens die Van Riebeeckfees geveerg het!

Hy het reeds in 1973 die aftreeouderdom bereik, maar sy dienstyd is drie keer verleng.

Professor C. F. G. Gunter, wat reeds aan die einde van 1971 amptelik met pensioen afgetree het maar in 1974 en 1975 weer terug was in sy ou fakulteit as dosent in Geskiedenis vir die B.-graadstudente in Primêre Onderwys, het nou finaal uitgespan.

“Die ekstra twee jaar het my jonk gehou,” sê die alombekende “prof. Gun”, soos sy studente hom genoem het, “en ek het die tydjie baie geniet.” 'n Mens kan dit ook sommer aan die man sien. Lyk g'n stuk ouer as veertig, vyf-en-veertig nie!

Hy was voorheen vir 21 jaar professor in die Filosofie van die Opvoeding en as sodanig het hy landwyse bekendheid verwerf. In dié tyd was hy vir vier termynse dekaan van die fakulteit Opvoedkunde, die eerste inwonende hoof (vir agt jaar) van die manskoshuis Simonsberg, en lid van verskeie van die belangrikste Raads- en Senaatskomitees van die Universiteit.

Toe hom gevra is oor sy toekomsplanne, het prof. Gunter gesê: “Ek het 46 jaar aktiewe onderwysdiens agter my rug, en tree nou definitief af!”

## DEPARTEMENT EKSTRAKTIEWE METALLURGIESE INGENIEURSWESE VIR U.S.

Die Departement van Nasionale Opvoeding het goedkeuring verleen vir die instel van 'n departement Ekstraktiewe Metallurgiese Ingenieurswese aan die Universiteit met ingang 1977.

Volgens die direkteur-generaal van die Nasionale Instituut vir Metallurgie, dr R. E. Robinson, sal ruim beurse deur die Instituut aan studente beskikbaar gestel word wat die kursus wil volg.

Daar is ook 'n aantal mynmaatskappye wat bereid is om ruim beurse vir studie in dié spesifieke rigting beskikbaar te stel.

Suid-Afrika het ekstraktiewe metallurgiese ingenieurs op die oomblik dringend nodig aangesien daar in die volgende dekade van owerheidsweë etlike miljoene rand bestee gaan word aan projekte wat verband hou met myn- en mineraalverwerkingsbedrywighede. Die aanvraag na opgeleide ekstraktiewe metallurgiese ingenieurs sal dus steeds toeneem.

'n Voorwaarde van die Staat is dat die Universiteit tot einde Maart aanstaande jaar verantwoordelik sal wees vir alle koste daaraan verbonde. Dit sluit o.m. in die aanstelling van 'n senior lektor, die aankoop van bykomende apparaat en die voorsiening van kantoor- en klasgeriewe.

Studente wat vanjaar die derde jaar in chemiese ingenieurswese suksesvol aflê, kan aanstaande jaar die kursus in ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese as vierdejaars voortsit indien hulle dit verkies. Die oorsakeling is moontlik weens die ooreenkoms in die eerste drie studiejare tussen die kursusse in chemiese en ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese.

Wanneer die nuwe kursus aanstaande jaar begin, sal daar dus eerstejaar- en vierdejaarstudente wees.

Voornemende eerstejaarstudente wat hulle vir die kursus wil inskryf, moet asseblief so spoedig moontlik skryf aan Die Registrateur (Akademies), Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.



Mnr D. P. (Dawid) de Villiers, wat in Maart vanjaar afgetree het as besturende direkteur van Sasol, is met ingang 1977 deur die Minister van Ekonomiese Sake benoem as voorsitter van Sasol. Hy kom in die plek van dr P. E. Rouseau, wat aan die einde van die jaar uittree.

Mnr De Villiers, wat die grade B.A. en LL.B. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het, het oor 'n periode van meer as vyf-en-twintig jaar diep spore by Sasol getrap. Hy het in 1950 die eerste maatskappysekretaris van Sasol geword, en is in 1966 as besturende direkteur aangestel. Hy is tans vise-voorsitter.

In die vroeë vyftigerjare het mnr De Villiers die dorpstigting van Sasolburg persoonlik behartig, en hy het Sasol en Sasolburg sien groei tot die verwesenliking van 'n ideaal wat lewensbelangrik vir ons land en sy mense is.

Die naam Dawid de Villiers is onlosmaaklik verbonde aan een van die hoekstene van ons ekonomie, naamlik die winsgewende vervaardiging van olie uit steenkool. Onder sy leiding het Sasol gegroei tot 'n organisasie waarop ons land met reg trots kan wees.

Die samewerking wat daar vandag tussen Suid-Afrika en Iran op oliegebied bestaan, kan direk na mnr De Villiers se beywering in dié verband teruggevoer word, en hy was ook persoonlik verantwoordelik vir die onder-


handelings wat gelei het tot die stigting van Natref.

Hy het 'n leidende rol gespeel in die ondersoek wat op Regeringsversoek gedoen is in verband met 'n tweede olie-uit-steenkoolprojek, en het ook die leiding geneem nadat Sasol die groen lig van die Regering gekry het om met die projek voort te gaan.

David Pieter de Villiers is op 8 Maart 1918 in George, K.P. gebore. Hy het sy skoolopleiding aan die Hoërskool Jan van Riebeeck, en sy universiteitsopleiding op Stellenbosch voltooi, en was voordat hy in diens van Sasol getree het agtereenvolgens registrateur van Regter-President H. S. van Zijl, praktiserende prokureur in Kaapstad en regsadviseur vir die Federale Groep maatskappye.

Hy is tans ook voorsitter van Suidelike Olie-eksplorasie korporasie (Edms) Beperk (Soekor), voorsitter van Suid-Afrikaanse Gasdistribusie korporasie Beperk (Gaskor), direkteur van Sasol Bemerkingsmaatskappy Beperk (SMC) en van Nasionale Petroleum-raffineerders van Suid-Afrika (Edms) Beperk (Natref), en lid van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister, die Energiebeleidskomitee en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad.

Mnr De Villiers het in 1945 in Kaapstad in die huwelik getree. Uit die huwelik is een seun en vier dogters gebore.



## *Dawid de Villiers word Voorsitter van Sasol*



## **Chris Heunis in U.S.-Raad**

Mnr J. C. Heunis, Minister van Ekonomiese Sake, is deur die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch verkies tot nuwe lid van die Universiteitsraad.

Min. Heunis is 'n Oud-Matie wat in 1946 en 1948 die grade B.A. en LL.B. onderskeidelik verwerf het.

Twee sittende lede van die Raad, mnr S. P. Botha, Minister van Mynwese en van Arbeid, en mnr F. D. Conradie, Kaaplans L.U.K., is herkies.

Hulle is vir die volgende vier jaar gekies, met ingang 2 April. Die drie vakatures het ontstaan deurdat die ampstermyne van min. Botha en mnr Conradie verstryk het, en weens die dood van Regter-President J. T. van Wyk.

Daar was vanjaar groot belangstelling in konvokasiegeleedere vir die verkiesing.

Altesaam agt kandidate is benoem. Mnr J. D. J. de Necker en prof. W. J. Pretorius is albei as Raadslede herkies vir die vakatures wat intussen ontstaan het deur die verstryking van hulle termyn as Raadslede wat deur die donateurs gekies word.



# U.S.-KOOR NA BUITELAND

Die Universiteitskoor Stellenbosch gaan in die Junie/Julievakansie 'n uitgebreide konserttoer in die buiteland onderneem. Lande wat besoek sal word is Brittanje, Frankryk, België, Wes-Duitsland en Switserland. Die toer, wat 'n maand sal duur, volg op verskeie uitnodigings om in die buiteland op te tree.

In Londen, waar die Koor onder meer vir die Suid-Afrikaanse Universiteitsklub en die Royal Overseas League gaan sing—die Koningin is beskermheer van die League—word die reëlings getref deur die bekende Suid-Afrikaanse pianiste Tessa Uys, wat nou in Londen woon.

In Frankryk sing die Koor op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Parys, mnr Louis Pienaar, en die uitvoerings daar sal ook van diplomatieke betekenis wees. In Frankryk sal die Koor ook deelneem in die musiekfees van Mont St Michel.

Die Belgiese Ministerie van Nederlandse Kultuur, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Ambassade in Brussel, tref al die reëlings vir die Belgiese deel van die toer. Die uitvoerings daar sal amptelike aanbiedings van die Belgiese Ministerie van Neder-

landse Kultuur wees.

Die Koor sing in Wes-Duitsland op uitnodiging van plaaslike musiekorganisasies, en in Switserland by die Twaalfde Kongres van die International Society for Music Education in Montreux. Die Koor is deur die vereniging uitgenooi om Suid-Afrika as 'n uitvoerende groep te verteenwoordig. Kore uit alle dele van die wêreld sal by die kongres optree.

Met die oog op fondsinsameling vir die toer, gee die Koor 'n kort reeks uitvoerings vóór sy vertrek na die buiteland, te wete op 12 Junie in die Stadsaal Kaapstad, op 18 en 19 Junie in die Gehoorsaal van Unisa in Pretoria, en op 21 Junie in die Stadsaal Johannesburg. Ná die toer sing die Koor op Sasolburg in die Etienne Rousseau-teater op uitnodiging van Sasol.

Maskew Miller, die bekende uitgewer van opvoedkundige boeke, is die eerste sake-onderneming om borg te word van die Universiteitskoor Stellenbosch. Met die oog op die fondsinsamelingsveldtog vir die buitelandse toer, het Maskew Miller aangebied om die Koor se prestige-uitvoering op 12 Junie 1976 in die Kaapstadse Stadsaal met 'n betekenisvolle bedrag te borg. Dit bring 'n aan-

sienlike verligting mee in die Koor se finansiële verpligtinge vir die buitelandse toer, wat duisende rande beloop.

Mnr Dirk Zandberg, voorsitter van die direksie van Maskew Miller en van die Trio Rand-groep, en mnr Johan Schoeman, besturende direkteur van Maskew Miller, het spesiaal na Stellenbosch gekom om die tjek vir die geborgde bedrag te oorhandig.

Mnr Zandberg het gesê dat Maskew Miller hom vereenselwig met die Koor se ideale om opvoedkundige, kulturele en vriendskapsbande oor alle grense heen te smee, en dat hy die Koor se détente-poging in die buiteland heelhartig ondersteun. "Dit is Maskew Miller se voorreg om hom op hierdie wyse te vereenselwig met die Universiteitskoor Stellenbosch en om sodoende 'n aandeel te hê in die uitdra van die goeie naam van die Koor, die Universiteit en ons land na buite," het mnr Zandberg gesê.

Op die foto, wat in die Rektor se kantoor geneem is, verskyn van links na regs prof. Philip McLachlan, die koorleier, mnr Schoeman, prof. J. N. de Villiers, die Rektor, en mnr Zandberg.





# U.S.-KOOR NA BUITELAND

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING DRA GROOT BY . . .

Die Universiteitskoor ontvang vanjaar groot finansiële steun van die Departement van Nasionale Opvoeding om hom in staat te stel om die voorgenome toer na die buiteland te onderneem. Ooreenkomstig die Departement se verklaarde beleid om steun te verleen aan Suid-Afrikaanse koor-, orkes- en volkspelegroepe vir buitelandse toere, dra die Departement ongeveer die helfte van die koste van die toer.

Sonder dié ruim bewilliging sou die toer nie kon plaasvind nie. Die Universiteitskoor beskou die toer as 'n bydrae tot die Departement se doelstelling om op hierdie wyse kulturele kontak te maak en om vriendskapsbande met oorsese lande te verstewig.

## . . . EN SASOL SPRING OOK IN!

Sasol is een van die instansies wat geld aangebied het om die Universiteitskoor se détente-besoek aan die buiteland moontlik te maak. Die Koor het reeds verlede jaar onderneem om ná die toer in Sasol se nuwe Etienne Rousseau-teater op te tree, maar toe mnr D. P. de Villiers, pas afgetrede Besturende Direkteur van Sasol en aangewese Voorsitter van die direksie, verneem van die Koor se fondsinsamelingspoging, het hy onmiddellik laat weet dat Sasol die uitvoering "koop" — teen R5 000 vooruitbetaalbaar!

Die Koor het reeds voorheen in die Etienne Rousseau-teater "opgetree". Dit was toe die Koor verlede jaar met sy besoek aan Sasol die half-voltoide gebou gaan besigtig het — en by voorbaat 'n lied laat weergalm het!

## NUWE KOORPLAAT

Die Universiteitskoor het verlede jaar 'n nuwe langspeelplaat die lig laat sien. Van die koor se mooiste nommers verskyn daarop, en daar is 'n wye verskeidenheid. Die plaat, wat deur EMI-Brigadiers vervaardig is, is nie in die handel verkrygbaar nie. Dit kan bestel word van die Bestuurder, Universiteitskoor Stellenbosch, Departement Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch 7140, en kos R5,50, verpakking en versending ingesluit. Die plaat sal ook vanjaar by die volgende fondsinsamelingskonserte te koop aangebied word:

- 12 Junie  
—Stadsaal Kaapstad.
- 18 Junie  
—Unisasaal, Pretoria.
- 19 Junie  
—Unisasaal, Pretoria.
- 21 Junie  
—Stadsaal Johannesburg.

# Groot Koorreünie aan einde van die Jaar!

Die Universiteitskoor reël vanjaar 'n groot reünie van oud-koorlede om saam te val met die uittrede van prof. Philip McLachlan as koorleier, en om tegelykertyd ook sy een-en-twintigste jaar as koorleier te vier.

Die reünie sal op Stellenbosch gehou word op 12, 13 en 14 Desember, d.w.s. net voor die Universiteit sluit. Omdat dié datums in die skool- en ander vakansies van al vier die provinsies val, sal dit die ouers van skoolgaande kinders in staat stel om hulle vakansie só te reël dat die reünie op Stellenbosch 'n deel daarvan uitmaak, en sodat hulle ook hulle kinders na die reünie kan saambring.

As genoeg oud-koorlede die reünie bywoon, gaan twee konserte gehou word waarin die huidige koor sowel as 'n massakoer bestaande uit alle oud-koorlede sal deelneem.

Volledige besonderhede sal later aan oud-koorlede gestuur word. Om ons naam- en adreslyste so volledig as moontlik te maak, vra ons asseblief dat *elke* oud-lid sy of haar naam en adres sal aanstuur. Ons wil so veel oud-lede as moontlik by die saamtrek betrek—almal wat gesing het sedert die stigting van die Koor—omdat ons ook op hierdie wyse Oom Philip wil huldig en groet.

Stuur asseblief u besonderhede aan dr Ronnie Belcher, Bestuurder, Universiteitskoor Stellenbosch, Departement Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.



Reiswinskope wat jou voete sal kielie om die wêreld te sien!

# KIES 'n TOER

Al wat jy nodig het, is 10% deposito van die toerprys.

Saldo betaalbaar in 24 maklike paaiemente.

Toere na Suid- en Noord-Amerika, Verre Ooste, Europa

Verblyf in luukse eerste klas en die beste toeristehotelle.

Propvol pret en interessanhede. Vertrekdatums hieronder.

	PRYS	MRT	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEPT	OKT	NOV	DES	
ISRAEL	R770	4	1 15	20			19	23				12 dae. Jerusalem, Massada, Berseba, Bethlehem, See van Galilea, Tel Aviv.
GRIEKELAND EN EILANDE	R770	27	3		26	3	21	25	16		18	14 dae. Athene, Mykonos, Aegina, Poros, Hydra.
EUROPESE KAMPEER-TOER	R849				22 29		24					23 dae. Brussel, Amsterdam, Keulen, Heidelberg, Luzern, Interlaken, Innsbruck, Venesië, Rome, Sorrento, Pisa, Antibes, Lyon, Parys, Londen.
SENTRAAL-EUROPA	R1 250	30	6 20	25	22 29		24	7 21	19		7	24 dae. Brussel, Parys, Lyon, Nice, Pisa, Rome, Venesië, Innsbruck, Luzern, Heidelberg, Keulen, Amsterdam, Londen.
EUROPESE HOOFSTEDE	R1 250			1 29		3 17	7		2		11	27 dae. Athene, Rome, Wenen, Zürich, Amsterdam, Londen, Parys, Madrid.
EUROPA INSLUITEN-DE BERLYN	R1 398				26	23		8				30 dae. Athene, Aegina, Poros, Hydra, Rome, Venesië, Innsbruck, Luzern, Interlaken, Heidelberg, Keulen, Berlyn, Amsterdam, Parys, Londen, Madrid.
EUROPA INSLUITEN-DE TURKYE	R1 398				23	27		5				30 dae. Madrid, Parys, Londen, Brussel, Amsterdam, Keulen, Heidelberg, Interlaken, Luzern, Innsbruck, Venesië, Florence, Rome, Istanbul, Athene.
UITGEBREI-DE EUROPESE TOER	R1 698				11	8	27	7				38 dae. Brussel, Amsterdam, Keulen, Heidelberg, Luzern, Innsbruck, Venesië, Assisi, Sorrento, Rome, Pisa, Nice, Norbonne, Barcelona, Valencia, Madrid, San Sebastian, Bordeaux, Parys, Londen.
VERRE OOSTE	R1 698	31		19	23		18	15			8 15	25 dae. Hongkong, Bangkok, Pattaya, Tokio, Kamakura, Hakone, Atami, Nagoya, Ise Toba, Kyoto, Osaka, Taipei.
HONGKONG	R898	31	21	19	30		25	29			8	11 dae. Hongkong.
V.S.A.	R1 699		2 16	14	25		20		8		17	22 dae. New York, Buffalo, San Francisco, Los Angeles, San Diego, Las Vegas, New Orleans, Miami, Orlando, Washington.
SUID-AMERIKA	R1 298	31	14		30		18	22			15	21 dae. Rio, Sao Paulo, Asuncian, Iguassu, Buenos Aires, Bariloche, Puella, Puerto Montt, Santiago.
RIO DE JANEIRO	R798	28	18		27		22		17		5/12 19/26	Uitmundende luukse toer van 11 dae. Rio de Janeiro.

Aan: Rontoer, Posbus 6136, Roggebaai 8012

Stuur my asb. volledige besonderhede oor die ..... -toer wat op ..... vertrek.

NAAM: ..... TEL: .....

ADRES: .....





# FILM OOR UNIVERSITEIT VRYGESTEL



Mnr Raymond Hancock en die Universiteits-  
koor aan die werk tydens die verfilming  
van die rolprent oor die Universiteit.

Uiteindelik is die film oor die Universiteit, waarna so baie Oud-Maties met groot belangstelling uitgesien het, voltooi en vrygestel. Die film, wat deur Raymond Hancock-Films van Johannesburg gemaak is in oorleg met die departement Ontwikkeling van die Universiteit, word tans landswyd as voorprent saam met Jamie Uys se treffer Funny People vertoon.

Die doel van die film—met die gepaste titel Matieland—is nie slegs om te dien as bekendstelling van en reklame vir die Universiteit nie, maar ook om al die Oud-Maties wat

daarna gaan kyk, weer nader aan Stellenbosch te trek. Dat dit in sy doel gaan slaag, is nie altemit nie!

Die film gaan ook deur die departement Ontwikkeling by Oud-Matiesaamtrefke vertoon word.

Die film, wat in volkleur geskiet is, draai tans in die ver-  
naamste stede in die Republiek. Met die oog op buitelandse  
verspreiding is dit ook van 'n Engelse klankbaan voorsien.  
In stede soos Johannesburg en Durban sal die film soms ook  
met sy Engelse klankbaan vertoon word.



# U.S. SE NUWE DOKTORE

Altesame vyf-en-dertig nuwe doktore het in Desember verlede jaar en in Maart vanjaar hulle grade van die Universiteit ontvang. Vyf eredoktorate is toegeken.




V.l.n.r., voor: Mnr T.G.D. van Schalkwyk (Registrateur Finansies), dr P.J. Cillie (D.Litt. honoris causa), prof. F.E.J. Malherbe (D.Litt. honoris causa), dr J.S. Gericke (Vise-Kanselier), dr B.J. Vorster (Kanselier), prof. J.N. de Villiers (Rektor), dr Uys Krige (D.Litt. honoris causa), prof. J. du P. Scholtz (D.Litt. honoris causa), mnr R.P. Conradie (Registrateur Akademies); V.l.n.r., middel: drr H.H. van der Spuy (D.Phil.), M.A. Beezhold (D.Phil.), J.A. Lambrechts (D.Comm.), A.P.T. du Toit (D.Comm.), B.N.A. Coetzee (D.Ed.), D.A. Scholtz (D.Th.), J.M. Grové (D.Litt.), J.H. Smit (D.Th.), H. J. Heydenrych (Ph.D.), J.C. Maritz (D.Phil.), H.J. Hendricks (D.Litt.); V.l.n.r., agter: drr P.S. de Jongh (D.Phil.), J.H. Visser (D.Comm.), D. van As (Ph.D.), J.J. de V. Joubert (Ph.D. (Landbou)), J.H. Odendaal (M.D.), J.A. van Zyl (M.D.), J.J. du Preez (D.Ed.), M.C. Rutherford (Ph.D.), C.J. Meyer (Ph.D.).  
Drr E.H. Kemm (Ph.D. (Landbou)) en P.H. Kapp (D.Phil.) was nie by toe die foto geneem is nie.



V.l.n.r., voor: Mnr. R.P. Conradie (Registrateur Akademies), prof. J.N. de Villiers (Rektor), dr J.S. Gericke (Vise-Kanselier), dr B.J. Vorster (Kanselier), dr P.W. Botha (D.Mil. honoris causa); V.l.n.r., agter: drr T. van Niekerk (D.Phil.), A.S. van Wyk (D.Comm.), D.G. Geldenhuys (D.Mus.), P. Haupt (Ph.D.), P.G.R. de Villiers (D.Th.), F.S. van der Merwe (Ph.D. (Ing.)), B.M. Wiid (D.Ed.), P.C. Haarhoff (D.Ing.), P. Coertzen (D.Th.), T. Theron (Ph.D.), R.W. Temmingh (D.Phil.), prof. I.J. van Heerden. Dr H.R. Kutt was nie by toe die foto geneem is nie.





P. W. BOTHA,  
D.Mil.  
honoris causa



**Die Minister van Verdediging, dr P. W. Botha, het in Maart vanjaar die eerste persoon geword aan wie 'n doktorsgraad in die Krygskunde deur 'n Suid-Afrikaanse universiteit toegeken word.**

**Die Universiteit van Stellenbosch het by die Maart-gradeplegtigheid die graad D.Mil. honoris causa aan hom toegeken vir wat hy vir Suid-Afrika as Minister van Verdediging beteken het.**

Pieter Willem Botha is op 12 Januarie 1916 in die distrik Paul Roux in die OVS gebore. Ná sy skoolopleiding op Paul Roux en Bethlehem het hy aan die Universiteit van die OVS in die Regte gestudeer. Aan die universiteit het hy 'n leidende rol in die studentelewe gespeel en was hy sekretaris en voor-sitter van verskeie verenigings. Op aandrang van wyle dr D. F. Malan het hy in 1936 tot die Kaaplandse Nasionale Party-organisasie toegetree, eers as organiseerder in Suid-Kaapland, daarna as reisende organiseerder en in 1941 as assistent-sekretaris. In 1948 het hy hoofsekretaris geword en in dieselfde jaar is hy as LV vir George verkies, 'n kiesafdeling wat hy vandag nog verteenwoordig.

Dr Botha is in 1958 as Adjunk-Minister van Binnelandse Sake aangestel, 'n pos waarin onder meer die implementering van Groepsgebiede vir die verskillende bevolkingsgroepe aan hom opgedra is. Voortvloeiend uit sy hantering hiervan en deur sy persoonlike ywer en insig, is 'n afsonderlike Departement van Gemeenskapsbou op 1 Augustus 1961 ingestel. Dr Botha is terselfdertyd as Minister van Gemeenskapsbou en van Kleurlingsake aangestel en later is die portefeulje Openbare Werke ook aan hom toevertrou. Hierdie departemente is onder sy leiding feitlik van die grond af uitgebou en groot behuisingsprojekte is vir alle rasse dwarsdeur die land as gevolg van sy inisiatief onderneem. Die Departement van Kleurlingsake het in hierdie periode van 'n beskeie begin, sterk gegroei, en belangrike mylpale is die instelling van die Onderwysraad vir Kleurlinge (1963), die oordrag van onderwys vir Kleurlinge van die Provinsiale Administrasie na die Departement van Kleurlingsake (1964), die oordrag van die Universiteit van Wes-Kaapland na die betrokke departement (1962), die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad (1964) en die stigting van die Kleurlingontwikkelingskorporasie (1962).

Op 5 April 1966 is dr Botha as Minister van Verdediging aangestel, 'n pos wat hy tans nog beklee. Gedurende dieselfde jaar is hy ook verkies tot Kaaplandse leier van die Nasionale Party en tans is hy ook direkteur van die Nasionale Pers en Leier van die Volksraad. Dit is veral in sy hoedanigheid as Minister van Verdediging waar kenmerke soos sy onwrikbare integriteit, sy bereidwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar en om besluite te neem en sy besondere aanvoeling vir sake wat in landsbelang is, hom in staat gestel het om groot dienste vir ons land te lewer. Hy het hom van die begin af onvermoed daarvoor beywer om landsverdediging buite die partypolitiek te hou en om alle bevolkingsgroepe sinvol by landsverdediging te betrek. As Minister was hy nie net daarop gesteld dat gelykberegtiging ten opsigte van die twee blanke taalgroepe geskied nie, maar ook dat Kleurlinge, Indiërs en Bantoes 'n gelykwaardige bydrae tot die verdediging van die RSA moet kan maak. Hierdie beleid tesame met

dr Botha se suiwer siening van meriete het baie bygedra tot die skepping van 'n gesonde gees in die Weermag en daardeur ook tot die uitbouing van 'n doeltreffende, geloofwaardige en parate weermag. Die breedte en diepte van sy begrip van die onderlinge elemente van weerbaarheid, sy vermoë om hom vinnig op hoogte te stel van alles in sy departement en die leiding wat hy geneem het om die akademiese begrippe van strategie tot 'n middel met funksionele toepassings te herlei, het veel hiertoe bygedra.

Die Verdedigingswet is in 1967 deur die Minister ingrypend gewysig om o.m. vir die eerste keer vir die instelling van 'n nasionale dienspligstelsel voorsiening te maak. Hierdie stelsel, wat op versoek van dr Botha in 1973 gewysig is om by veranderde omstandighede aan te pas, moet in 'n belangrike mate gesien word as 'n positiewe opvoedingsproses in burgerskap.

Die Direkoraat Burgerlike Beskerming is in 1969 by die Weermag ingelyf en het onder die leiding van dr Botha sy finale beslag gekry. Die doeltreffende hulp wat reeds aan plaaslike owerhede in geval van noodtoestande verleen is, getuig van die goeie organisasie wat onder sy leiding uitgebou is. 'n Belangrike mylpaal vir soverre dit burgerlike beskerming aangaan, was die stigting van die Burgerlike Beskermingskollege waarvoor dr Botha hom besonder beywer het en wat so gewild geword het dat 'n tweede kollege tans beplan word.

Waarskynlik sy belangrikste bydrae in landsbelang het dr Botha gelewer t.o.v. krygstuigvervaardiging. Toe hy in 1966 die portefeulje Verdediging oorgeneem het, was hy gekonfronteer met wapenboikotte en 'n geweldige agterstand op die gebied van militêre weerbaarheid. In 1968 het hy wetgewing ingedien om die Krygstuigraad en die Krygstuigontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika (Krygkor) as statutêre liggame te vestig, en onder sy leiding is doelgerigte navorsing en nywerheidsontwikkeling t.o.v. krygstuigvervaardiging van stapel gestuur. Nieu samewerking met die WNNR is uitgebou en dr Botha het dikwels 'n sleutelrol gespeel by die verkryging van vervaardigingslisensies en by die stigting van filiale waarin die privaatsektor baie nou betrek is. Die resultate van sy uitstekende organisasievermoë, sy goeie administrateurskap en die element van privaatsektorbestuur wat op sy aandrang ingebring is, word vandag weerspieël in die RSA se vliegtuigbedryf, elektronikabedryf, skeepsbou en sy vermoë om militêre toerusting, dryfmiddels en pirotegniese stowwe doeltreffend te kan vervaardig. Frankryk het onlangs, na 'n deeglike studie, besluit om sekere elemente van hierdie stelsel oor te neem ten einde hoër doeltreffendheid te bereik.

In die proses van die uitbou van vervaardigingsmoontlikhede vir krygstuig het dr Botha se vermoë om mense om hom te motiveer 'n belangrike rol gespeel. Ook het hy terselfdertyd betekenisvolle dialoog met etlike lande begin en gesonde verhoudinge met hulle bewerkstellig.

Dr Botha kan vandag beskryf word as die man wat die belangrikste dryfveer was agter die RSA se poging om selfversorgendheid op die gebied van krygstuigvervaardiging te bereik, 'n poging waarin in so 'n mate geslaag is dat met vrymoedigheid verklaar kan word dat die RSA vir sy basiese krygstuigbehoefte onafhanklik is van die buiteland en selfs, waar nodig, tot die uitvoermark kon toetree en nie meer deur wapenboikotte geïsoleer kan word nie.

Deur aan Minister P. W. Botha 'n eregraad toe te ken, het die Universiteit 'n toegewyde werker en 'n persoon vereer wat ongetwyfeld die meeste bygedra het tot die verstewiging van die RSA se militêre weerbaarheid en wel in so 'n mate dat Suid-Afrika vandag 'n ontspanningsbeleid vanuit 'n posisie van krag kan volg.



# VIER GROOT MANNE IN TAALJAAR VEREER



Die Universiteit van Stellenbosch het in 1975 as sy bydrae tot die Taaljaar vier groot taalmanne met doktorsgrade vereer.

Hulle is die digter en skrywer Uys Krige, die voormalige hoogleraar in Afrikaanse Letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, prof. F. E. J. (Fransie) Malherbe, prof. J. du P. Scholtz, voormalige hoogleraar in Taalkunde aan die Universiteit van Kaapstad, en dr P. J. Cillié, redakteur van *Die Burger*.

Dr Krige is vereer vir sy bydrae tot die skeppende letterkunde, prof. Malherbe vir letterkunde, prof. Scholtz vir taalkunde en dr Cillié vir die joernalistiek. Hulle het al vier die graad D. Litt. *honoris causa* ontvang.

Die Universiteit ken in die reël nie meer as drie eredoktorsgrade per jaar toe nie, maar het spesiaal met die oog op die Taaljaar die uitsondering gemaak en eregrade toegeken aan mense wat elk op hulle eie gebied 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse taal gelewer het.

Saam met die Kanselier, dr B.J. Vorster (middel), staan Stellenbosch se nuwe eredoktors. Hulle is v.l.n.r. dr Uys Krige, P.J. Cillié, J. du P. Scholtz en F.E.J. Malherbe. Die foto is geneem net ná die gradeplegtigheid op 10 Desember verlede jaar.



MATTHEUS UYS KRIGE is 'n oud-student van die Universiteit en seker die veelsydigste Afrikaanse skrywer. Hy het nie net deur sy eie uitgebreide oorspronklike werk Afrikaans in die verskillende genres verryk nie, maar ook deur die vertaling van kunswerke uit verskeie ander tale, soos Frans, Spaans en Engels, in Afrikaans. Skeppend staan hy dus sterk in die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde.

Hy is op 4 Februarie 1910 op die plaas Bontebokskloof in die distrik Swellendam gebore, en het in Kaapstad en Stellenbosch skoolgegaan. Van 1927 tot 1929 het hy in die regte gestudeer, maar dr Lydia van Niekerk het hom spoedig onder die indruk van die Nederlandse literatuur gebring, dr F. E. J. Malherbe het die wêreld van die Franse impressioniste vir hom laat oopgaan en prof. J. L. M. Franken dié van die Franse letterkunde. Hy vertrek dan ook Frankryk toe waar hy Roy Campbell ontmoet en later swerf hy in Spanje. As korrespondent gedurende die Tweede Wêreldoorlog leer hy Noord-Afrika en Italië intiemer ken en deur 'n Carnegiebeurs besoek hy die Verenigde State. Teen hierdie agtergrond groei 'n groot aantal van sy kunswerke.

Ten eerste kan 'n mens sy boeiende reisverhale en oorlogsketse noem, soos *Sol y Sombra*, *Ver in die Wêreld* en *Sout van die Aarde*. Dan is daar ook sy bundel kortverhale *Die Palmboom*.

In 1937 is hy met die toneelster Lydia Lindeque getroud, en sy belangstelling in die toneel en toneellewe is verder geprikkel. Hy skryf agt dramas en versamelings eenbedrywe wat telkens opgevoer word. Enkeles daarvan is *Magdalena Retief*, *Die Wit Muur*, *Alle Paaie Gaan na Rome*, *Die Ryk Weduwee* en *Die Goue Kring*. Hy is een van ons beste dramaturge, maar het nog nie die volle erkenning ontvang wat hy verdien nie.

Hy het vyf digbundels en twee versamelings van sy gedigte uitgegee. Van die bekendstes is *Kentering*, *Rooidag*, *Die Einde van die Pad*, *Hart Sonder Hawe* en *Ballade van die Groot Begeer*. Hieruit het hy 'n keur saamgestel. In 1974 het hy vir sy digwerk die Hertzogprys ontvang.

'n Ander gebied waarop Uys Krige baie belangrike werk verrig het, is dié van vertalings van dramas en poësie in Afrikaans. Hy word beskou as ons beste vertaler, en is deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns reeds vyf keer bekroon — in 1951 vir *Vir die Luit en die Kitaar*, in 1956 vir Lorca se *Yerma*, in 1969 vir Shakespeare se *Twaalfde Nag*, in 1971 vir *Spaans-Amerikaanse Keuse* en in 1972 vir Shakespeare se *Koning Lear* en Molière se *Dokter Teen-wil-en-dank*.

'n Mens sou nog Uys Krige kan noem as vertaler van sy eie werk in Engels, as bloemleser, skrywer van belangrike vooroorde, as tydskrifredakteur, e.d.m. Hy het reeds van twee Engelse universiteite 'n eregraad ontvang, nl. van die Universiteit van Natal en die Universiteit van Rhodes, en bogenoemde dui genoegsaam aan dat Uys Krige 'n D.Litt.-graad, *honoris causa*, van 'n Afrikaanse universiteit waardig is.

FRANCOIS ERNST JOHANNES MALHERBE is op 3 Mei 1894 in die Paarl gebore. Na voltooiing van sy skoolopleiding het hy aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer en daarna aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam in die Germaanse Filologie, Nederlandse Taal- en Letterkunde en Kunsgeskiedenis. Hy het in 1924 met die proefskrif *Humor in die algemeen en sy uiting in die Afrikaanse letterkunde* gepromoveer. Hierdie werk het 'n veel wyer kring bereik en meer aandag en waardering geniet as die meeste proefskrifte.

Van 1924 tot 1929 was hy dosent in die Taalkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en van 1930 tot 1959 professor in die Letterkunde, eers van Afrikaans en Nederlands en daarna vir etlike jare van Afrikaans.

In 1929 het hy *Die Kortverhaal as Kunswerk* gepubliseer, en daarna 'n reeks bloemlesings met kortverhale, t.w. *Moderne*

*Hollandse Kortverhale* (1931), *Moderne Vlaamse Kortverhale* (1935), *Blou en Grys* (1949), en *Moderne Afrikaanse Verhaalkuns* (1962).

Beskouings oor die letterkunde verskyn in sy werke *Wending en Inkeer* (1948), en *Afrikaanse Lewe en Letterkunde* (1958).

Vir sy bydrae tot die Afrikaanse letterkundige kritiek het hy in 1959 die Stalsprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

Wat openbare kulturele betrekkings betref, kan o.m. genoem word dat hy lank lid van die Akademie was — van 1956 tot 1958 as voorsitter. In 1969 is hy tot erelid benoem. Hy was ook jare lank, tussen 1949 en 1973, lid van die Raad van die Suid-Afrikaanse Kunsmuseum in Kaapstad en 9 jaar van dié tyd voorsitter. Hy is al jare lank lid van die Raad vir Beheer en Toesig t.o.v. die kultuurverdrag tussen Suid-Afrika en Nederland en Suid-Afrika en België, en het in hierdie verband in verskeie kommissies gedien. By 'n gesamentlike sitting van die Nederlandse, Belgiese en Suid-Afrikaanse kommissies is aan hom die taak opgedra om 'n bloemlesing uit die Afrikaanse letterkunde op te stel vir verspreiding in Nederland en België, en dié werk, *Zuid-Afrikaanse Letterkunde*, het in 1968 verskyn. Hy was ook lid van De Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden.

Met die opsomming van die eervolle poste wat prof. Malherbe beklee het, is slegs die uiterlike geraak van sy betekenis vir die letterkunde en kuns van Suid-Afrika, want dit is veral sy persoonlike optrede voor studente en ander kringe wat geesdrif gewek en individue beïnvloed het. Hy het in die jare voor en na 1930 by sy studente groot belangstelling gewek vir die jonger letterkunde, Nederlands sowel as Afrikaans, wat hy destyds as eng verbonde beskou het, en tereg omdat baie van die jonger digters en skrywers aansluiting by die Nederlandse letterkunde gevind het. Daarby het hy ook persoonlike kontak met baie van die jonger digters gehad, en hierdie kontak en bevordering van die belangstelling is verder gedra deur sy blad *Ons Eie Boek* (1935-1955). Hierdie blad, wat bydraes van verskeie belangrike medewerkers ontvang het, het bestaan uit resensies, besprekings en beskouings wat die geesdrif vir die letterkunde en ander kulturele sake in Suid-Afrika onder 'n wyer kring as die universiteite versprei het. Veral onderwysers is hierby betrek, en daar kan gesê word dat die leemte wat deur die staking van dié blad ontstaan het, nog steeds nie gevul is nie.

Naas die bevordering van die letterkunde moet genoem word sy lesings oor die beeldende kunste, veral van die Renaissance, wat in Stellenbosch oor 'n hele paar jaar ongekende belangstelling gewek het. Dit kan beskou word as pionierswerk en moet in dié lig vertolk word.

Met die verandering in die gees en die uitingsvorme van die letterkunde en die beeldende kunste in die na-oorlogse jare is dit begryplik dat 'n jonger geslag nie steeds bewus mag wees van die groot bydrae wat prof. Malherbe tot die Afrikaanse kultuur gelewer het nie. Dit is wel belangrik om daarop te let dat daar in die letterkundige lewe gepraat word van 'n geslag van Dertig wat 'n groot vernuwing in ons letterkunde gebring het, en daar moet besef word dat hy een van die eerstes was wat hierdie vernuwing verwelkom en as akademikus sy bydrae daartoe gelewer het.

JOHANNES DU PLESSIS SCHOLTZ is op 14 Mei 1900 in die distrik Hottentots-Holland gebore. In 1920 het hy die M.A.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en daarmee ook die Croll-stipendium. Daarna het hy enkele jare in die uitgewersafdeling van die Nasionale Pers in Kaapstad gewerk, en toe aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam gestudeer waar hy in 1927 die doktorsale eksamen afgelê het. By sy terugkeer in Suid-Afrika het hy medewerker aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal onder redaksie



van prof. J. J. Smith geword. Van 1929 tot 1931 het hy navorsingswerk in Amsterdam gedoen. Ná sy huwelik daar het hy teruggekeer om sy werk by die Woordboek voort te sit. In 1934 is hy aangestel as lektor aan die Universiteit van Kaapstad. In 1939 het hy in Utrecht gepromoveer met die kultuur-historiese proefskrif *Die Afrikaner en sy taal*, waarvoor hy die Hertzogprys in 1943 ontvang het. In 1950 het hy prof. D. B. Bosman as professor aan die Universiteit van Kaapstad opgevolg. Hy het die Departement van Onderwys oorreed om geld beskikbaar te stel vir argiefnavorsing in verband met taal, en die gegewens wat daaruit gehaal word, het hy gebruik om 'n lang reeks artikels te publiseer waarin die ontwikkeling van die klanksisteem, die grammatika en die woordeskat van Nederlands in Suid-Afrika noukeurig uiteengesit is. Vir die eerste keer is die ontstaan van Afrikaans in die 18de en begin 19de eeu wetenskaplik en gedokumenteerd beskryf, en die enigszins onvrugbare 'ontstaansteorieë' deur sy suiwer taalkundige beskrywings vervang. Die belangrikste publikasies in boekvorm, waarin baie van die artikels gebundel is, is *Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere* (1941) (Grondig hersiene uitgawe, 1975), *Taalhistoriese opstelle* (1963), *Afrikaans uit die vroeë tyd* (1965), en *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu* (1970).

Met hierdie boeke en sy ander ongebundelde artikels, wat merendeels in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, later die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, verskyn het, het prof. Scholtz die historiese taalwetenskap in ons land op 'n nuwe, en gedokumenteerd wetenskaplike grondslag geplaas, en daarmee 'n massa gegewens beskikbaar gestel wat van blywende waarde is. In hierdie opsig is sy prestasie uniek.

Prof. Scholtz het ook uitstekende monografieë oor kunstenaars gepubliseer, naamlik *Strat Caldicott 1886-1929* (1970), en *D. C. Boonzaaier en Pieter Wenning: verslag van 'n vriendskap* (1973).

Op hierdie terrein is hy tans nog besig met 'n studie oor die werk van Moses Kottler.

Prof. Scholtz het oor baie jare heen in verskillende kulturele liggame gedien. Hy was lid van die Historiese Monumentekommissie, voorsitter van die Van Riebeeck-Vereniging, lid van die Raad van die Openbare Biblioteek, lid van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie, en lid van die Argiefkommissie.

Hy het baie jare lank aanmoediging gegee aan belangrike kunstenaars en gehelp om die waarde van verskeie kunstenaars onder die publiek bekend te maak.

Hy het verskeie eretoekennings en pryse vir sy werk ontvang. Behalwe die Hertzogprys vir wetenskaplike prosa, het hy die C. J. Langenhoven-prys vir taalwetenskap van die Akademie in 1970 ontvang, 'n eretoekening vir sy werk van die Kaapse Drie-Eeue-Stigting, en die Stalprys vir Kuns-geskiedenis van die Akademie in 1974. Daarbenewens is hy erelid van die Akademie en van die Van Riebeeck-Vereniging.

PETRUS JOHANNES CILLIÉ is op 18 Januarie 1917 gebore. Sy vader was Gabriël Gideon Cillié, in lewe eerste Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en oor baie jare dekaan van die fakulteit van Opvoedkunde. P. J. Cillié het skoolgegaan aan die Stellenbosse Jongenskool, tans die Paul Roos-Gimnasium, in Paul Roos se eie tyd. Hy het in 1933 gematrikuleer met vyf A's en een B (vir Afrikaans), en van 1933 tot 1935 'n B.Sc.-kursus aan die Universiteit van Stellenbosch gevolg en *cum laude* gegradueer. Aan die einde van 1935 het hy toegetree tot die redaksie van *Die Burger*, waarvan hy tot vandag toe verbonde is.

Aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog het hy hoofsubredakteur van *Die Burger* geword en dit tot 1944 gebly toe hy tot buitelandse redakteur bevorder is. In die volgende jaar het hy assistent-redakteur geword, maar nog belas met buitelandse sake, en in 1954 is hy as redakteur van *Die Burger*

aangestel. Dié betrekking beklee hy dus nou reeds 21 jaar.

Reeds op 31-jarige leeftyd is hy van staatsweë na Wes-Europese lande gestuur om waardevolle verkenningwerk te gaan doen i.v.m. die uitvoering van die Regering se immigrasiebeleid. Daarná was hy lid van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die Konferensie van Statebondsbetrekkinge in 1954 in Lahore in Pakistan. In 1965 was hy een van die 14 hoofgetuies in die saak oor S.W.A. by die Wêreldhof, en as die getuie van deskundiges 'n faktor was om die uitspraak in die guns van Suid-Afrika te beïnvloed, dan was die wye kennis en die gesonde oordeel van dr Cillié, en veral die wyse waarop hy in daardie hof opgetree het, geen geringe bydrae nie.

Die afgelope 20 jaar het hy op uitnodiging verskeie westerse lande besoek o.m. Brittanje, Wes-Duitsland, Portugal en Nederland—'n bewys dat hy ook in die buiteland bekendheid en waardering as joernalis geniet.

Die Republiek van Suid-Afrika beleef die afgelope jare een van die belangrikste en delikaatste ontwikkelingsydperke in sy geskiedenis, 'n tydperk wat dit noodsaaklik maak vir Staat en Pers om met groot insig en verantwoordelikheid op te tree. Dit moet as besonder gelukkig beskou word dat ons in hierdie moeilike tyd 'n man soos dr Cillié het wat met besondere visie, insig en integriteit sy koerant, en daarmee die Pers in die breë, gebruik het om dié soort volksdiens te lewer wat in hierdie besondere omstandighede van onberekembare betekenis is.

Daar word in hierdie tyd agter die skerms ook ontsaglike diens gelewer wat uit die aard van die saak nie in wye kringe bekend is nie, t.w. die byna daaglikse gesprekke met bekende en invloedryke buitelandse persoonlikhede wat hierheen kom om 'n beeld van Suid-Afrikaanse toestande te kan vorm. Hierdie mense, onder wie politici, kerkleiers, joernaliste en verteenwoordigers van koerante en televisie, beland byna sonder uitsondering in dr Cillié se kantoor. Die uitspraak van 'n Nederlandse teoloog, wat, gevra na die hoogtepunt van sy besoek aan Suid-Afrika, sonder aarseling gesê het: "Ongetwyfeld my gesprek met mnr Cillié van *Die Burger*," kan beskou word as verteenwoordigend van die impak wat dr Cillié se gesprekke op hierdie mense het.

Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Direkteur van Nasionale Koerante en Voorsitter van *Die Burger-Kersfonds*.

Indien die Universiteit met die toekening van eregrade hulde wil bring aan diegene wat 'n bydrae gelewer het tot die merkwaardige groei van Afrikaans die afgelope 5 dekades, sou daar vanselfsprekend persoonlikhede uit die geleedere van letterkundiges, taalkundiges en skrywers na vore kom. Maar dit sou 'n "sonde van versuim" wees indien die ontsaglike bydrae van die Afrikaanse Pers hierin verontagsaam word, veral waar die ontstaan van die invloedrykste onder die Afrikaanse koerante, nl. *Die Burger*, en die ontstaan van die Universiteit so nou aan mekaar verbonde is deur 'n gemeenskaplike weldoener, wyle mnr Jannie Marais. En wanneer daar aan die bydrae van hierdie koerant gedink word, is dit gelukkig so dat die huidige redakteur ook in eie reg as een van die briljantste manne in sy professie, die eerbetoon van sy Alma Mater verdien.

Intelligent en indringend is sy diepte-artikels in die rubriek *Dawie*, en skreeu-geestig was sy goedge spot in die *Trinkiebriewe* van 'n tyd gelede. Cillié is inderdaad een van die veelzijdigste en briljantste joernaliste wat ons land nog gehad het.

Deur 'n eredoktoraat aan Piet Cillié toe te ken, het die Universiteit 'n man vereer wat in sy eie professie hier en in die buiteland 'n ontsaglike bydrae gelewer het tot verantwoordelike meningsvorming.



# Agt Oud- Maties in nuwe Kabinet

Ná die jongste Kabinetverskuiwings is daar nou agt Oud-Maties in die Kabinet. Hulle is:

**DR B. J. VORSTER**, Eerste Minister;  
**MIN. M. C. BOTHA**, Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling en -Onderwys;

**MIN. S. P. BOTHA**, Minister van Arbeid en Mynwese;

**SEN. J. P. VAN DER SPUY**, Minister van Volkswelsyn en Pensioene en Pos- en Telekommunikasiewese;

**DR P. G. J. KOORNHOF**, Minister van Nasionale Opvoeding en van Sport en Ontspanning;

**MIN. J. C. HEUNIS**, Minister van Ekonomiese Sake;



**MIN. A. L. SCHLEBUSCH**, Minister van Openbare Werke en Immigrasie;

**MIN. H. H. SMIT**, Minister van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge.


Die nuwe Speaker, **MNR J. J. LOOTS**, is ook 'n Oud-Matie. Twee senior lede van die Kabinet, **DR P. W. BOTHA** en **DR HILGARD MULLER** (onderskeidelik Minister van Verdediging en Buitelandse Sake), het eredoktorsgrade van die Universiteit ontvang. Die Eerste Minister, dr B. J. Vorster, het ook 'n eredoktorsgraad van die Universiteit ontvang, maar was toe reeds 'n volbloed-Oud-Matie.

Twee adjunk-ministers, t.w. **MNR J. J. MALAN** (Landbou) en **DR A. P. TREURNICHT** (Bantoe-Administrasie en -Onderwys) is ook Oud-Maties.


Regs:  
Dr B.J. Vorster.  
Heel regs:  
Min. M.C. Botha.



Regs:  
Min. S.P. Botha.  
Heel regs:  
Sen. J.P. van der Spuy.




Regs:  
Dr P.G.J. Koornhof.  
Heel regs:  
Min. J.C. Heunis.



Regs:  
Min. A.L. Schlebusch.  
Heel regs:  
Min. H.H. Smit.



Regs:  
Adj.-min. J.J. Malan.  
Heel regs:  
Adj.-min. A.P. Treurnicht.






# Nuwe Aanstellings by U.S.



Prof. H.J. Erasmus.



Prof. M.A. Rabie.



Prof. J.L. de Villiers.



Prof. L. Scully.

Sedert die laaste uitgawe van *Matieland* is agt nuwe professore deur die Raad van die Universiteit van Stellenbosch aangestel.

Hulle is proff. L. Scully (Beeldende Kunste), H. J. Erasmus en M. A. Rabie (albei Regsgeleerdheid), J. L. de Villiers (Teologie), J. W. Brewer en G. F. C. de Bruyn (albei Wiskunde), M. Webb (Soölogie) en L. E. van Heerden (Huishoudkunde).

Prof. Scully is aangestel as die nuwe hoof van die departement Beeldende Kunste in die plek van wyle prof. Otto Schröder wat verlede jaar oorlede is.

Prof. Scully, 53, het aan die Universiteite van die Witwatersrand en Pretoria gestudeer. Hy was van 1966 tot 1973 hoof van die departement Beeldende Kunste aan die Johannesburgse College of Education en het deelyds gewerk as kunsredakteur van 'n Johannesburgse Sondagkoerant. Hy is ook onder meer 'n bekende skilder en het Suid-Afrika by twee geleenthede in

Sao Paulo in 1963 en 1967, en in Venesië in 1966 met sy skilderye verteenwoordig. Hy het ook reeds 24 eenmanuitstallings van skilderye in Suid-Afrika gehou en het in 1965 die Oppenheimer-skilderprys ingepalm. Prof. Scully het die graad M.A. (Kuns) aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy het met onderskeiding geslaag.

Prof. Erasmus, 40, het die grade B.A. en M.A. onderskeidelik in 1955 en 1959 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal en sy doktorsgraad aan die Universiteit van Leiden in 1962. Die graad LL.B. het hy vier jaar later aan Unisa verwerf. Prof. Erasmus was onder meer ook dosent aan die Universiteite van Rhodes, die O.V.S. en Port Elizabeth en was van 1968 tot 1972 'n praktiserende advokaat. In 1974 is hy aangestel as professor in privaatreg aan Unisa.

Prof. Rabie, 36, het aan die Universiteit van Pretoria in die regte gestudeer en is in 1964 aangestel as lektor by




Unisa. Vier jaar later het hy senior lektor geword en in Oktober 1971 is hy as professor by dieselfde universiteit aangestel. Die graad LL.D. het hy twee jaar vantevore aan Unisa verwerf. Sy proefskrif het gehandel oor die deel-nemingsleer in die strafreg.

Prof. Rabie het ook deur middel van beurse in talle oorsese lande gestudeer, insluitende Amerika, Wes-Duitsland en Italië.

Prof. J. L. (Koekjan) de Villiers, 53, is eintlik 'n ou bekende op Stellenbosch. Hy is aangestel as hoogleraar in Teologie (Nuwe Testament). Prof. de Villiers het die grade B.A. en M.A. albei cum laude reeds vroeg in die veertigerjare op Stellenbosch verwerf. Sy doktorsgraad het hy ook met onderskeiding verwerf, aan die Vrije Universiteit van Amsterdam. Hy is sedert 1969 senior lektor aan die Kweekskool op Stellenbosch. Verskeie publikasies uit sy pen het reeds die lig gesien.

Wat kerklike betrokkenheid betref,



Prof. G.F.C. de Bruyn.


was of is prof. de Villiers onder meer lid van die volgende: die Sinodale Kommissie van die N.G. Kerk, Kaapland; die Proponentseksamenkommissie van die N.G. Kerk, Kaapland; die ad hoc-kommissie van die Algemene Sinode in verband met volkereverhoudinge en die Breëkommissie vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Hy is ook lid van die Nuwe Testamentiese Werksgemeenskap van S.A. en van die internasionale Studiorum Novi Testamenti Societas.

Prof. Webb is die nuwe hoof van die departement Soölogie. Prof. Webb het die graad B.Sc. in 1944 aan die Universiteit van Natal verwerf en die graad M.Sc. drie jaar later op Stellenbosch. Sy D.Sc.-graad het hy in 1956 verwerf. Hy is in 1957 aangestel as professor in Soölogie aan die Universiteit van Fort Hare en was tot voor sy aanstelling aan die U.S. medeprofessor in Soölogie aan die Universiteit van Durban-Westville. Hy het reeds 23 publikasies die

lig laat sien en een is op die oomblik nog in voorbereiding.

Prof. Brewer, 33, is aangestel as hoogleraar in die departement Wiskunde. Hy is 'n Amerikaanse burger en het al sy kwalifikasies insluitende sy doktorsgraad aan die Florida State University behaal. Hy was van 1968 tot 1970 assistent-professor aan die Virginia Polytechnic Institute en van 1970 tot 1973 het hy 'n soortgelyke pos aan die Universiteit van Kansas beklee. Hy was van 1973 tot en met sy aanstelling aan die U.S. medeprofessor aan die Universiteit van Kansas. Prof. Brewer het reeds 22 publikasies agter sy naam en hy was lid van verskeie verenigings aan die universiteite waar hy gewerk het.

Prof. De Bruyn, 35, is reeds sedert Januarie 1966 aan die departement Wiskunde verbonde en is nou tot professor bevorder. Hy het die grade B.Sc. en Honneurs-B.Sc. onderskeidelik in 1960 en 1962 cum laude aan die Uni-



Prof. M. Webb.

versiteit van Stellenbosch verwerf. Hy het daarna ook aan die Universiteit van Cambridge gestudeer waar die graad Ph.D. in 1966 aan hom toegeken is. Die eerste Kanseliersmedalje is in 1961 aan professor De Bruyn toegeken. Hy is onder meer assessorlid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en bestuurslid van die Genealogiese Genootskap in Suid-Afrika.

Prof. Van Heerden is die nuwe hoof van die departement Huishoudkunde. Sy het die graad B.Sc. in 1963 en die graad Honneurs-B.Sc. cum laude in 1964 aan die U.S. verwerf. Die graad M.Sc. in dieetkunde het sy vier jaar later op Stellenbosch verwerf. Prof. Van Heerden het haar doktorsgraad in 1971 aan die Universiteit van Cornell in Amerika behaal. Sy is sedert 1968 aan die departement Huishoudkunde verbonde en het onder meer reeds opgetree as studieleier vir agt M.Sc.-kandidate, 'n aantal radiopraatjies gelewer oor voedingsgedrag en by

verskeie geleenthede referate in die buiteland gelewer. Prof. Van Heerden het ook reeds twee handleidings en drie vakkundige artikels gepubliseer.

Die Raad het ook verskeie senior lektore aangestel. Hulle is: dr P. S. de Jongh (Geskiedenis); mnr G. F. R. Gerischer (Houtkunde); dr S. W. J. van der Merwe (Fisiese Chemie); dr A. V. Stekelenburg (Latyn); mnr J. P. Groenewald (Sosiologie); dr J. C. Kan-nemeyer (Afrikaans-Nederlands); dr P. S. Kritzinger (Rekenaarwetenskap); mnr J. R. Potgieter (Liggaamlike Opvoedkunde); dr S. van der Merwe (Besigheidsbestuur en -administrasie); mnr M. K. R. van Huyssteen (Geografie); dr H. J. B. Combrink (Teologie); dr B. J. Downing (Elektrotegniese Ingenieurswese); dr A. P. T. du Toit (Statistiek); mnr D. P. Edmunds (Engels); mnr J. F. Kapp (Siviele Ingenieurswese); dr B. R. Olmstead (Wiskunde); mnr M. S. van der Walt (Biblioteekkunde); dr H. Vogel (Kaak-




Prof. L.E. van Heerden.

Gesigs- en Mondchirurgie).

Nuwe lektore is mnr A. Blumer (Duits); mev. L. J. Antoniadis (Musiek); mnr P. R. de Wet (Onderwys-administrasie); mnr G. R. Marwick (Meganiese Ingenieurswese); mnr A. J. Murray (Arbeidsterapie); mnr W. S. Pretorius (Ekonomie); mev. H. C. Bruwer (Afrikaans); mnr D. J. J. Coetzee (Didaktiek); dr A. Diamond (aangestel as lektor/kliniese assistent in Mondgeneeskunde en Periodonsie); mej. A. C. M. Fick (Skoolmusiek); mnr A. P. Melck (Ekonomie); mnr J. J. van Wyk (Opvoedkundige Sielkunde); mnr C. T. Wessels (Liggaamlike Opvoedkunde); dr F. H. Badenhorst (lektor/kliniese assistent in Fisiologie); mnr G. S. Cloete (Opvoedkundige Sielkunde); mev. M. Dercksen (Fisioterapie); mej. A. M. Esterhuijsen (Verpleegkunde); mnr J. T. Schoombee (Handelsreg); mnr M. J. Sheridan (Wiskunde); mnr W. J. Veith (Soölogie); mnr M. J. Vermeulen (Siviele Ingenieurswese).





## **Attie du Plessis — Sakeman van die Jaar**


Attie du Plessis, die finansiële bestuurder van Wesco, is deur die Johannesburgse Afrikaanse Junior Sakekamer as sy sakeman van die jaar vir 1975 aangewys. Die keurders was die voorsitters van die Johannesburgse sakekamers en koerantredakteurs.

Die toekenning is oorhandig deur mnr Jan de Necker, voorsitter van Rand Bank Beperk, wat ook in die Raad van die Universiteit van Stellenbosch dien.

Mnr Du Plessis (31) is in Boksburg gebore, en het die graad B.Comm. in 1964 aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. As student was hy redaksielid van Die Matie en lid van die C.S.V., die C.S.S.B. en die S.V.B. Hy is 'n oud-Helderberger.

In 1967 het hy as geöktrooieerde rekenmeester gekwalifiseer, waarna hy as ondersoek-rekenmeester by Federale Volksbeleggings begin werk het. Hy is in 1970 as finansiële bestuurder van Wesco aangestel. In 1970 het hy deur buitemuurse studie 'n gevorderde diploma in inkomstebelastingwetgewing aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal.

## **Oud-Matie-gholfklub word 12!**



Brian Galgut.

Die Transvaalse Oud-Matie-Gholfklub vier vanjaar sy twaalfde verjaardag. Die stigters van twaalf jaar gelede was Jos van Niekerk, Justus van der Spuy, Frans Wessels en Ossie Rascher.

Dié vier manne is vandag die klub se enigste erelede.

Die klub se ledetal het sedertdien aangegroei tot 120 aktiewe spelers! Ook word baie meer wedstryde gespeel as in die jare toe die klub nog jonk was.

Een van die doelstellings van die klub is om fondse in te samel vir beurse vir studente wat op Stellenbosch studeer. Uit die klub se fondse is reeds sewe beurse van R500 elk toegeken. Enigeen kan aansoek doen vir een van hierdie beurse. Besonderhede kan verkry word by die Johannesburgse kantoor van die departement Ontwikkeling van die Universiteit, telefoon 21-1417, posbus 5773.

Vanjaar gaan die volgende wedstryde gespeel word:

6 Maart—Eie kampioenskappe op Kyalami.

22 Mei—vs Ikeys op Kyalami.

11 Junie—vs Tukkies in Pretoria.

7 Augustus—vs Rhodes op Kyalami.

6 November—vs Tukkies op Kyalami.

In September is daar 'n inter-universiteire toernooi tussen al hierdie universiteite om die Davisbeker. Hierdie toernooi het verlede jaar vir die eerste keer plaasgevind, en is deur die Oud-Matieklub gewen.

Die komitee van die klub is Brian Galgut (voorsitter), Dirk Swart (ondervoorsitter), T. J. Lochner (sekretaris), Albert van Zyl, Widd du Toit, Jan de Wet en Viv Human (gekoöpteerde lid).

Besonderhede oor die klub kan verkry word by die Johannesburg-kantoor van die departement Ontwikkeling.

## **INTERVARSITY-SAAMTREK IN PRETORIA**

Pretoria se Oud-Maties reël vanjaar weer 'n gesellige byeenkoms om saam te val met die rugbykragmeting tussen die Maties en Tukkies op Loftus Versfeld op 12 Junie.

Die saamtrek word gehou op die vooraand van die wedstryd in die hoofsaal van die Yskorokklub, en sal in die vorm wees van 'n dinee-dans. Daar is net plek vir 500 mense in die saal, en Oud-Maties wat die funksie wil bywoon, word aangeraai om sonder verwyf in verbinding te tree met Willem Dreyer van die Johannesburgse kantoor van die departement Ontwikkeling, telefoon 21-1417, posbus 5773, vir nadere besonderhede.


Om te sorg dat daar ook 'n "Matiepawiljoen" gaan wees, tref mnr Dreyer reëlings vir 'n blokbespreking vir die wedstryd.



# JONG MATIE STERF BY GRENS



Wyle luit. Tertius van der Westhuizen.



Ferdie van der Westhuizen ontvang die sertifikaat vir die graad B.Mil. namens sy oorlede broer van die Kanselier, dr B.J. Vorster.

“Die Universiteit van Stellenbosch sal sy kant bring—op hierdie oomblik is studente en personelede van ons Universiteit besig om hulle deel aan ons land se grense te doen.”

Die man aan die woord was die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Jannie de Villiers. Dit was 16 Februarie vanjaar met die amptelike openingsplegtigheid van die akademiese jaar in die D.F. Malan-Gedenksentrum.

Agtien dae later, op 5 Maart was daar weer 'n groot skare in die D.F. Malan-Gedenksentrum byeen. Die geleentheid: die grade- en diplomaplegtigheid van die Universiteit.

Soos gewoonlik was die verrigtinge indrukwekkend. Maar dié aand was daar 'n bykomende faktor teenwoordig. Die atmosfeer in die reuse sentrum was anders: die groot skare was meer gedemp.

Die oggend van 5 Maart het die koerante daarvoor geskryf en die middag het die radionuus berig dat “die graad B. Mil. vanaand die eerste keer nadoods toegeken word.”

Hoe spoedig het die Rektor se woorde nie 'n voldonge feit geword nie. Die eerste Matie het aan die grens geval. Luitenant Tertius van der Westhuizen, 'n seun van Vredenburg, het die vorige Sondag die hoogste tol betaal. Hy het

soos duisende ander jongmanne van Suid-Afrika sy ideale gehad en sy drome gedroom. Hy wou kapelaan in die Suid-Afrikaanse Weermag word en sy ideaal was halfpad verwesenlik, want hy was reeds offisier.

Meer nog—hy was reeds offisier met 'n puik akademiese agtergrond. Hy is gebrei en getoë in die fakulteit Krygskunde van die Universiteit van Stellenbosch aan die Militêre Akademie op Saldanha.

Daardie Sondag aan die grens het Tertius seker by homself gedink: Vrydagaand ontvang ek my graad—my B. Mil-grad! Maar dit was nie vir hierdie jong Suid-Afrikaanse offisier beskore nie. Sy voertuig waarmee hy op daardie oomblik op pad was om by 'n nabygeleë stat die Evangelie aan swartmense te bring, het oor 'n landmyn geloop. 'n Landmyn wat daar geplant is deur diegene wat op vreedsame volkere 'n bewind van terreur en anargie wil afdwing. Die jong Matie het gesterf in die stryd wat in die noorde vir ons vryheid gevoer word.

Toe die Rektor in afgemete stemtoon die Kanselier van die Universiteit en Eerste Minister van Suid-Afrika, dr B. J. Vorster versoek dat die graad B. Mil. nadoods aan die luitenant toegeken word, was die stilte onder die groot skare in die Gedenksentrum be-

klemmend en byna tasbaar. Hulle het opgestaan en strak bly staan—professore, lektore, burgerlikes, manne van die Militêre Akademie en ander manne in uniform... lede van die Staande Mag, die Burgermag en die Kommando's.

Lt. Van der Westhuizen se graad is verleen.

Sy jonger broer Ferdie, 'n blonde buksie wat met sy militêre diensplig besig is, het dit van dr Vorster ontvang.

Ferdie het die uniform van die Suid-Afrikaanse Infanterie aangehad. Fier en regop het hy vorentoe gestap... Baie van die Weermagmanne het op daardie oomblik seker gedink aan die ou Engelse liedjie wat ons tydens opleiding so veel kere gesing het: “There is none so fair as can compare with the Springbok Infantry...”

En op daardie oomblik was elke man van die Weermag trots om te weet dat hy kan sê: Ek kan getel word, want ek is gereed om te gaan, en dat hy saam met die Kanselier dié aand kon sê: Dit is die moeite werd vir Suid-Afrika om te veg vir dit waarin hy glo. En dat hy saam met minister P. W. Botha, aan wie daar dieselfde aand 'n eredoktoraat in die Krygskunde toegeken is, kon sê: Suid-Afrika sal staan en as voorbeeld dien vir hulle in die Weste wat so besluiteloos is.



# IN MEMORIAM

Sedert Matieland se laaste uitgawe het ons met leedwese verneem van die heengaan van twee Raadslede en verskeie oud-studente van die Universiteit, waaronder ook 'n gewese dosent. Die Raadslede en oud-dosent wat ons ontval het, is dr P. O. Sauer, regter-president J. T. van Wyk en dr Coert Grobelaar.



Dr Paul Oliver (Oom Paul) Sauer, een van die kleurrykste politici en parlementariërs wat Suid-Afrika nog gehad het en 'n man wat 50 jaar in die Raad van die Universiteit van Stellenbosch gedien het, het ons op 11 Januarie vanjaar ontval. Hy was 78.

Oom Paul, soos hy alom bekend was, was 'n groot vriend van die Universiteit en sy nalatenskap aan ons sal nooit deur die Maties vergeet word nie. Hy was ook die eerste ingeskrewe student in die fakulteit van Landbou kort nadat dit tot stand gekom het.

Dr Sauer is op 1 Januarie 1898 gebore en het sy skoolopleiding aan S.A.-K.S. in Kaapstad geniet waarna hy twee jaar student aan die Universiteit van Kaapstad was. Daarna het hy die U.S. se eerste landboustudent geword en sy verbintenis met die Maties het deur die jare sterk en stewig gebly.

In 1929 het hy LV vir Victoria-Wes geword en dit was die begin van 'n roemryke politieke loopbaan van 41 jaar. Van 1933 tot met sy uittrede uit

die Volksraad in 1965 was hy LV vir Humansdorp. Daarná was hy tot 1970 senator. Wyle dr D. F. Malan het hom in 1948 aangestel as minister van Vervoer. In 1954 het hy minister van Lande en Waterwese in die kabinet van wyle advokaat J. G. Strijdom geword en later was hy minister van Lande, Bosbou en Openbare Werke—dié portefeulje het hy tot sy uittrede as minister behartig. In sy roemryke politieke loopbaan was hy onder meer Leier van die Volksraad en by twee geleenthede waarnemende Eerste Minister.

Die Universiteit van Stellenbosch het hom etlike jare gelede vereer met 'n eredoktorsgraad. Die Burgermagesheid, die Kaapse Veldartillerie het hom ook vereer, deur hom aan te wys as erekolonel. Toe die eenheid vroeër vanjaar grens toe is, was Oom Paul op die Kaapstadse stasie om die manne te groet.

Minister Hennie Smit het in 'n huldeblyk wat kort na dr Sauer se dood in Eikestadnuus verskyn het, gesê Oom Paul was vir die mense in die Boland en duisende elders in die land wat die ou President van die Zuid-Afrikaanse Republiek, Oom Paul Kruger in daardie jare vir sy mense was.

Minister Smit stel dit onder meer so: Hy was nederig, meelewend, gasvry, raadgewer en ons man. Hy was die soort leidsman wat te alle tye—veral in krisistye—vertroue ingeboesem het. Want hy was ewewigtig, rustig van natuur maar skerp van brein. Hy was die soort man met wie 'n mens, figuurlik gesproke, bereid sou wees om te gaan leeus jag.

Oom Paul word oorleef deur sy eggenote, twee dogters, sewe kleinkinders, een agterkleinkind en 'n suster.

Oom Paul is in sy geliefde Stellenbosch ter ruste gelê.

Dr Kosie Gericke, Vise-Kanselier van die U.S. en predikant van die Stellenbosse N.G. moederkerk wat die lykrede gehou het, het gesê hy het nooit verander nie. Hoewel hy minister, senator en dokter was, was hy nog altyd almal se Oom Paul. Dr Gericke het gesê dit is miskien juis dit wat hom een van Suid-Afrika se kleurrykste openbare persoonlikhede gemaak het. Hy was 'n geliefde kollega en spanmaat.

“Oud-senator Sauer het teenstanders gehad, maar nie vyande nie vanweê die soort mens wat hy was,” het dr Gericke gesê.

Die Vise-Kanselier het daarop gewys dat dr Sauer 50 jaar onafgebroke lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch was. “In hierdie hoedanigheid het hy met liefde en toewyding groot diens gelewer—daarom is sy heengaan 'n groot verlies vir die Universiteit wat enkele jare gelede uit dankbaarheid aan hom 'n eredoktoraat toegeken het,” het dr Gericke gesê.

Een van die voorste regsgeleerdes wat Suid-Afrika nog opgelewer het en lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch is op 16 November verlede jaar oorlede. Hy was regter Jacques Theodore van Wyk wat ten tye van sy dood regter-president van Kaapland was. Hy was 62 jaar oud.

Regter van Wyk is in 1913 op Vanrhynsdorp gebore waar hy ook sy skoolopleiding geniet het. In 1934 het hy die graad B.A. en 'n jaar later die graad LL.B. aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. As student het hy



'n leidende rol in die Studentegemeenskap gespeel en was hy onder meer lid van die Studenteraad.

In 1937 is hy tot die Balie toegelaat, en het 12 jaar later senior advokaat geword. Daarná het hy verskeie kere as waarnemende regter opgetree voordat hy in 1955 as regter van die Kaapse afdeling van die Hooggeregshof aangestel is. Later het hy ook appèlregter geword en tydens die Suidwes-Afrika-saak in die Wêreldhof in Den Haag was hy ad hoc-regter.

Die Universiteit van Kaapstad het in 1968 'n eredoktorsgraad in die Regte aan hom toegeken. By die geleentheid is hy bestempel as “ongetwyfeld een



van ons grootste regters, 'n sieraad vir 'n regbank wat heel tereg in die wêreld hoog aangeskryf staan."

Regter Van Wyk is op 26 Januarie 1971 deur die Konvokasie tot lid van die Raad van die U.S. verkies en was tot sy dood 'n waardige en geëerde lid. Hy was ook voorheen lid van die Raad van die Universiteit van Kaapstad.

Een van ons oudste Oud-Maties, dr Coert S. Grobbelaar, gewese senior lektor in dierkunde en fisiese antropologie aan die Universiteit van Stellenbosch, is in Januarie vanjaar in Bloemfontein oorlede. Hy was 89 jaar oud en het by sy dogter, mev. P. Oberholzer, eggenote van prof. J. J. Oberholzer, gewoon.

Dr Coert, soos hy alom bekend was, is deur prof. Thom, voormalige rektor van die U.S. bestempel as "'n stil, beskeie, opregte en voorbeeldige mens."

Hy is in Julie 1886 in die distrik Middelburg in Kaapland gebore en het ook daar sy skoolopleiding geniet. Ná voltooiing van sy universiteitsopleiding



aan die Rhodes-Universiteitskollege is 'n beurs hom aangebied om in Dublin in Ierland in die medisyne te gaan studeer. Hy het dit van die hand gewys en het onderwyser geword.

Nadat hy op Lindley en Boshoff onderwys gegee het, is hy aan die destydse Victoria-Kollege as dosent in dierkunde aangestel. In 1922 is hy vir verdere studie na Berlyn in Duitsland waar hy die graad Ph.D. met lof verwerf het.

Dr Coert, wat deur twee dogters oorleef word, is op Stellenbosch ter ruste gelê.

Eddie Bartel, die eerste Matiestudent wat in die jare twintig sy universiteit se eerste krieketspan kon haal, is op 2 November verlede jaar in Oos-Londen oorlede.

Mnr Bartel was van 1922 tot 1926 student op Stellenbosch waar hy hom as onderwyser bekwaam het. Hy was onder meer primarius van Macdonaldhuis en het ook die eerste student geword wat goed genoeg was om in die Universiteit se eerste krieketspan te speel. Die span het in daardie jare meesal uit dosente en administratiewe personeellede bestaan.

Oom Chris Marx, voorsitter van die Oud-Matie-skakelkomitee in Oos-Londen, sê wyle mnr Bartel was 'n bekende en geliefde figuur in die Grens. "Hy was baie lief vir sport, veral krieket en rugby, maar bo alles was hy 'n diep Christen en ook lekepreker in sy kerk," het oom Chris aan Matieland gesê.

Mnr Bartel was 23 jaar skoolhoof op Berlin.

'n Bekende en beminde figuur in die Noordweste wat hom as advokaat op Stellenbosch bekwaam het, is op 10 November verlede jaar oorlede. Hy was mnr Andries Petrus Groenewald wat van 1940 tot 1944 'n voltydse Matie was—hy het die grade B.A., LL.B. cum laude verwerf. In 1946 het hy tot die sybalie toegetree maar nie lank daarna besluit om na Calvinia te verhuis waar hy 24 jaar lank prokureur was.

Hy word oorleef deur sy eggenote en vier kinders. Mev. Groenewald was ook 'n Matie en twee van haar kinders het reeds op Stellenbosch afgestudeer. Die ander twee is op die oomblik studente aan die Universiteit.

'n Gewese Moderator van die Natalse en Suid-Transvaalse Sinodes van die N.G. kerk wat op Stellenbosch gestudeer het, is teen die einde van verlede jaar skielik op Swartruggens oorlede. Ds H. J. C. Sniijders het op die kansel beswyk. Hy was 67 jaar oud en het verlede jaar afgetree.

Hy het op Stellenbosch gestudeer en is in 1931 gelegitimeer. Tot 1934 was hy reisende sekretaris van die Christelike Strewersunie. Hy was ook 'n ruk lank in Salisbury leraar en is in 1946 na die gemeente Pietermaritzburg-Wes. Hy laat sy eggenote en vier getroude kinders agter.

'n Predikant wat student aan die Victoria-Kollege was en toe verder in die medisyne in Londen studeer het, is teen die einde van verlede jaar in 'n Kaapstadse hospitaal oorlede. Hy was die 93-jarige ds. Dawid J. Malan wat van 1916 tot 1946 predikant op Darling was.

Ds. Malan het ook in Amerika gestudeer waar hy die graad Th.B. verwerf het—hy is in dié land as 'n briljante student beskou en is tot die kursus toegelaat sonder dat hy die graad B.A. gehad het.

Ds. Malan was onder meer ook deeltydse lektor aan die Sending-Instituut op Wellington en het ook gemeentes in Rhodesië en die Vrystaat gedien. Hy word oorleef deur sy eggenote en vyf kinders—drie seuns en twee dogters.

Mev. Deborah Gertruida Rossouw, wat baie jare gelede op Stellenbosch gestudeer het, is enkele maande gelede in die ouderdom van 87 jaar in die Paarl oorlede. Sy was 'n dogter van P. J. Malherbe, 'n stigterslid van die Genootskap van Regte Afrikaners. Sy was ook die enigste suster van wyle prof. D. F. Malherbe.

Mev. Rossouw is in November 1888 op Daljosafat gebore en het skoolgegaan aan die Gedenkschool der Hugenoten op Kleinbos wat in 1882 deur ds. S. J. du Toit gestig is. Later was sy ook 'n leerling aan die Hoër Meisieskool in die Paarl. Sy het op Stellenbosch verder gestudeer. Haar eggenoot, mnr Jannie Rossouw is in 1967 oorlede.

Sy word oorleef deur twee dogters en 'n seun wat almal reeds getroud is.

